Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# 1

# DAE VOL SPANNING IN 1895–1896: DIE JAMESON-INVAL. PRETORIA BEDREIG

## *INLEIDING*

Die „Staat van buit Jameson-inval aan de Artillerie afgeleverd", gedateer 2 Januarie 1896,[1] is een van dié dokumente van militêr-historiese waarde in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, wat aan die Jameson-inval herinner.

Op 2 Januarie 1896 het dr. (later sir) Leander Starr Jameson en sy huurlinge, nadat hulle op Nuwejaarsdag 1896 by Doornkop, naby Krugersdorp, met 500 burgers slaags geraak het, op die plaas Vlakfontein oorgegee.

Op hierdie wyse het 'n militêre inval ten einde geloop wat, in 'n geskiedkundige lig beskou, 'n uitvloeisel was van die imperialistiese uitbreidingsbeleid van die westerse nasies gedurende die laaste kwart van die negentiende eeu wat in verband staan met die politieke sienswyses van hulle wat teen die einde van dié eeu mag in Suid-Afrika uitgeoefen het.[2]

## a. *DIE MILITÊRE ASPEK VAN DIE JAMESON-INVAL*

Wat die militêre aspek van die Jameson-inval betref, kon genl. P. J. Joubert, kommandant-generaal van die Suid-Afrikaansche Republiek, na die gebeure by Doornkop met dankbaarheid getuig dat die Transvaalse offisiere en manskappe hulle ooreenkomstig die begeerte en verwagting gedra het. Hieraan het die kommandant-generaal toegevoeg „dat de hulp van onzen God en Zijne voorzienigheid den uitslag ten goede der Republiek hebben doen keeren".[3]

Behalwe die krygsgevangenes, waarvan die manskappe op 11 Januarie 1896 en dr. Jameson en sy offisiere op 21 Januarie 1896 per trein na Durban vertrek het, het onder meer die volgende buit in die Pretoriase Staatsartilleriekamp[4] aangekom: 305 perde, sewe-en-tagtig muile, 274 saals, 290 tome, twee-en-sestig saalklede, twee-en-sewentig stalhalters, twee span kartuie, vier-en-twintig paar meksimtuie, ses-en-twintig watuie, 'n bokwa, 'n kapkar, drie skotskarre, agt meksims, 'n $12\frac{1}{2}$-ponder-meksim, twee 7-ponder Armstrong-kanonne, drie-en-twintig gewere, twee heliograwe, twee rewolwers en 'n hoeveelheid ongespesifiseerde buit.[5]

Vermoedelik was onder dié ongespesifiseerde gedeelte van die buit dié swart trommel, wat aan maj. Robert White behoort het en deur lt. Paul Constant Paff, stigter van die Veldtelegrafie-afdeling van die Staatsartillerie, op die slagveld gevind is. In hierdie trommel wat deur die vinder na sy woning op Pretoria geneem en die volgende dag tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Raad oopgemaak is, is onder meer 'n militêre roetekaart van die invalsmag, sketse van die omgewing van Pretoria, die Staatsartilleriekamp, die roete van die Transvaalse hoofstad na Eerste Fabrieke en 'n beleëringsplan van Pretoria gevind.[6]

Ongetwyfeld was die dagboek van maj. Robert White,[7] wat ook in die trommel aangetref is, van minstens soveel belang vir die Transvaalse regering, want in dié aantekeninge kon die lesers 'n beeld kry van hierdie Britse offisier se doen en late sedert hy op 11 April 1895 in Kaapstad aangekom en na die plaaslike kantoor van die *British South Africa Company* (B.S.A.C.), in Georgestraat, gegaan het.

## b. *MAJ. WHITE SE BEDRYWIGHEDE*

Op 12 April 1895 is maj. White op „Groote Schuur" deur Cecil John Rhodes, Eerste Minister van die Kaapkolonie en grondlêer van die B.S.A.C., ontvang. Die gesprek het onder meer oor die Transvaalse anneksasie van 1877 gegaan. Daarna is die griewe van die Britse bevolkingselement in Johannesburg bespreek. Op grond van hierdie en ander gesprekke wat maj. White met Rhodes gevoer het, het hy tot die oortuiging gekom dat sy gasheer gehoop het om na verloop van tyd,

> *by force of reason and weight of population to win over the Transvaal to England . . . . . .*[8]

Op 16 April 1895 het maj. White noordwaarts begin reis en, oor Bloemfontein, op 19 April op Johannesburg aangekom. Daar het hy onrus aangetref en aangeteken :

> *An agitation is at present on foot but the Dutch conservatism is such that there is little hope of the "Uitlanders" gaining a hearing and being enfranchised. Every obstacle is put in the way of their becoming represented or even naturalised. When it is considered that owing to foreign enterprise the Transvaal revenue in 19 years has risen from £30,000 per ann. to nearly one and a quarter million it is inconceivable that such an injustice should be tolerated in a Republic where freedom and equality are supposed to be the leading characteristics. However the mine-owners are not likely to make a serious row as they are able to become rich in spite of exorbitant taxation.*

Tydens sy verblyf op Johannesburg het maj. White onder meer 'n paar myne (die *City and Suburban Mine*) besoek en dr. L. S. Jameson, 'n agent van die B.S.A.C., ontmoet.

Nadat hy die *Crown Reef-myn* besoek het, het hy teen halfses van dieselfde dag op Pretoria aangekom en in die *Grand Hotel*, langsaan die Goewermentsgebou, Kerkplein, tuisgegaan. Sy eerste indrukke van die Transvaalse hoofstad het hy in die volgende woorde geskets :

> *It is almost impossible to grasp that one is 1100 miles up country, everything is so clean and comfortable, waiters in evening dress, porters with gold laced hat, smart omnibus to the station etc.*
>
> *Just opposite the Hotel is the Parliament House, a really handsome building. There are 2 Chambers or Volksraad. The town is built in streets at right angles, the church square lying nearly in the centre. There are good shops in the Kerkstraat where you buy nearly everything at fairly moderate prices . . . . . . Of course the place looks sleepy and quiet after Johannesburg. It is naturally more Dutch and sleepy.*[9]

Op 22 April 1895 het hy reeds met een van sy metgeselle, kapt. Holden, na Meintjeskop gery, daar opgemerk dat dié kop die dorp, die paaie na Bulawayo en Barberton beheers en aangeteken : „This M. Hill is the key of the whole place." Met 'n ander reisgenoot, kapt. C. H. Villiers, is Daspoort besoek, met kapt. Holden is Timeball-heuwel en die omgewing, naby die stasie en die spoorwegaansluittings na Delagoabaai en Johannesburg, in oënskou geneem. Tewens is 'n besoek aan die Staatsartilleriekamp gebring. Op 24 April 1895 het maj. White, kaptt. Holden en Villiers en nog 'n paar reisgenote wat op Pretoria by hulle aangesluit het, met een van Heys en Kie se reiskoetse na Pietersburg vertrek. Een van hul medereisgenote was genl. P. J. Joubert . . . . . Oor Pietersburg is maj. White en sy metgeselle na Bulawayo.

### c. *DR. JAMESON EN DIE „REFORM COMMITTEE"*

Op Johannesburg het in die loop van September 1895 onderhandelings tussen die leiers van die *Reform Committee* en dr. L. S. Jameson plaasgevind. Na aanleiding hiervan is onder meer besluit dat 'n gewapende mag met meksims en veldartillerie deur laasgenoemde op die been gebring sou word en dat hierdie mag, wat die Republiek vanuit Betsjoeanaland sou binneval, in samewerking met 9 000 gewapende ontevredenes in Johannesburg, 'n omwenteling in die Goudstad sou bewerkstellig en tewens Pretoria sou probeer oorweldig.[10]

As 'n uitvloeisel van hierdie bespreking en ander beplannings het die *Mashonaland Mounted Police* se voorhoede op 20 Oktober 1895 van Bulawayo na Pitsani vertrek. Maj. White noem in sy dagboek 'n sterkte van drie offisiere en drie-en-sewentig onderoffisiere en manskappe, besoldig deur die B.S.A.C., wat met twee-en-negentig perde op Pitsani aangekom het. In totaal is 517 myl in nege-en-dertig dae afgelê. Daar was vyf rusdae van vier-en-twintig uur elk gedurende die trek. Per dag is dus gemiddeld 13⅓ myl afgelê.

Op 29 Desember 1895 is, nadat die bevelhebber van die ekspedisie, sir John Willoughby, verdere versterkings ontvang het, die Zuid-Afrikaansche Republiek se wesgrens by Ottoshoop oorgesteek.[11] Tewens het, in Bulawayo, die *Rhodesia Horse,* 'n vrywilligerseenheid, gereed gestaan om na die suide op te ruk en by dr. Jameson se mag aan te sluit.[12] Kaptt. Spreckley en Napier was in bevel van hierdie hulptroepe.

Op 30 Desember 1895 het genl. P. J. Joubert die nuus van die grensoorskryding by Ottoshoop, gevolg deur 'n telegram dat 800 man onder dr. L. S. Jameson vermoedelik na Johannesburg opruk, in sy besit gekry. Daarna is, van militêre kant, teenmaatreëls getref wat, op 2 Januarie 1896, tot die oorgawe van die invallers op die plaas Vlakfontein, naby Doornkop, gelei het. Na die oorgawe het dr. Jameson en sy offisiere, waaronder maj. White, op die aand van dieselfde dag, in 'n Kaapse kar, by die Staatsartilleriekamp op Pretoria aangekom. Hulle is vervolgens in die plaaslike tronk, in Visagiestraat, opgesluit. Maj. White se dagboek was in besit van die Transvaalse regering.

### d. *TOEKOMSTIGE GENERAAL 'N OOGGETUIE TEEN WIL EN DANK*

Andries Jacob Eksteen Brink, die toekomstige genl. A. J. E. Brink, D.T.D., D.S.O., Hoof van die Generale Staf van die Unieverdedigingsmag en Sekretaris van Verdediging, het — teen wil en dank — by die Jameson-inval betrokke geraak.

Op 24 Januarie 1896 het hy voor die landdros van Heidelberg 'n beëdigde verklaring afgelê waaraan die volgende besonderhede ontleen is.[13]

Aan die begin van Desember 1895 was die toekomstige generaal in diens van Heys en Kie se bekende vervoermaatskappy. Hy het, woonagtig op Heidelberg, werksaamhede vir dié firma tussen Heidelberg en Standerton verrig. Op 11 Desember 1895 het Brink met 134 perde, wat die koetse getrek het, op Heidelberg aangekom. Daar het hy verneem dat die perde aan 'n sekere dr. Wolff,[14] van Johannesburg, verkoop is. Brink is, namens dr. Wolff, gehuur om die perde na Halfweghuis, tussen Johannesburg en Pretoria, te vervoer. Op 16 Desember het hy met sy 134 perde op die plek van bestemming aangekom en na Heidelberg teruggekeer om 'n verdere 116 perde, wat ook aan dr. Wolff verkoop is, te gaan haal. Vyf dae later het hy opdrag van 'n sekere E. George, van Johannesburg, ontvang om met al die perde na die plaas van mnr. Koos Malan, Doornpoort, distrik Rustenburg, te gaan. Hy is op 23 Desember op pad soontoe en het twee dae later, saam met George, by die winkel op Doornpoort aangekom. Dié plaaswinkeltjie wat vroeër aan 'n

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

tweetal Jode behoort het, was nou in besit van dr. Wolff. Die perde is in die veld losgelaat en op dieselfde dag het die dokter, wat uit die rigting van Mafeking gekom het, saam met 'n sekere Anderson by die winkel aangekom. Terwyl laasgenoemde gelas is om by die winkel te bly, moes Brink en 'n drietal klerke die perde oppas.

Weliswaar was daar 'n klein voorraad winkelware en klere in die winkel, maar wat Brink se aandag getref het, was dat die stal volgepak was met hawergerwe, terwyl daar ongeveer 170 sak mielies in 'n kamer opgestapel was. Verder was daar twee span muile en 'n paar muilwaens aanwesig. Daar is nie eintlik veel besigheid in die winkel verrig nie.

Omstreeks vyfuur op die oggend van Oujaarsdag 1895 is almal wakker gemaak deur Liesching met die woorde „Staat op daar komen de Engelschen". Brink sien, uit die rigting van Mafeking, troepe aankom en Liesching[15] vertel aan hom dat dié troepe na Johannesburg gaan. Die troepe het afgesaal, mense en perde is by die winkel gevoed, minder deugdelike perde is omgeruil en weereens het Brink, nou van die manskappe, verneem dat hulle op pad na Johannesburg is en dat hulle sal veg indien teenstand gebied word. Op dieselfde wyse het hy verneem dat die telegraafdrade verniel was en die regering van die Republiek niks van die inval weet nie.[16] „In een verder gesprek," aldus Brink, „verneem ik dat 2000 menschen, gewapend van Johannesburg hun zou ontmoeten langs het pad."

Vervolgens is aan Brink gevra om homself te bewapen. Hy het geweier en, om agtuur voormiddag, die invallers vergesel. Omstreeks eenuur het die gewapende mag by 'n winkel afgesaal en na 'n uur is die opmars hervat. Tot sonsondergang het hulle by die volgende winkel gebly. 'n Uur daarna het 'n geveg ontbrand van 'n uur. Na middernag, tydens helder maanlig, is die opmars hervat en van halfvier tot halfvyf is gerus. Om sesuur is by 'n winkel stilgehou en na 1½ uur het die bevel gekom om weer op te saal. Daarna is met 'n kanon geskiet op die burgers wat van Rustenburg gekom het.[17] Die Boere het in die rigting van Krugersdorp getrek en by die volgende winkel is die invalsmag van kos en, vir die eerste keer, van sterk drank voorsien.

Die burger Bezuidenhout is gevang en met 'n brief, 'n ultimatum, na die kommandant van Krugersdorp gestuur.[18]

Die burger het wel die ultimatum van die „Friendly force" afgelewer, maar nie teruggekeer nie. Omstreeks eenuur namiddag het die troepe weer opgeruk en is die een afdeling na die ander in die vuurlinie. Om en by sewe-uur dié aand is naby Randfontein uitgekamp. Die kamp was nog nie gereed nie, toe op die invallers gevuur is. 'n Geveg van ongeveer 'n uur het gevolg en omstreeks vyfuur die oggend van die volgende dag (2.1.1896) is die geveg hervat. Volgens Brink se getuienis het die Engelse oor die Randfontein-myn na 'n ou pad gevlug wat na Johannesburg lei. Dié pad is oor 'n afstand van ongeveer 6½ km gevolg en daarna is na die hoofrif uitgedraai. Op die plaas Vlakfontein is van die eerste koppie af op die Engelse geskiet. Die voorhoede het die koppie met 'n meksim en twee kanonne gestorm. Die hoofmag het na 'n huis op die plaas gegaan waarin Bantoes gewoon het, terwyl die agterhoede nie in die geveg betrokke was nie. „Na een half uur vechten word een witte vlag gemaakt van een zakdoek en een voorschort van een Kaffermeid — De Engelschen gaven zich toen over", aldus die slot van Brink se beëdigde verklaring.

## e. *UITEENLOPENDE GEVOELENS*

'n Dag voordat die oorgawe van dr. Jameson se invalsmag 'n voldonge feit geword het, is in Johannesburg 'n onbevestigde berig ontvang dat die Boere met 'n kwaai teenslag te kampe het. In „The Star" van dieselfde dag is in 'n hoofartikel verklaar :

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

> *What was initially a grave crime on the part of Dr. Jameson, his gallant officers and brave men, becomes by sheer stress of events a magnificent achievement. Its success will silence all criticism of his conduct. It will be justified by the event .......*

Die skrywer van die artikel het voortgegaan :

> *Whatever the fate of Dr. Jameson's column however, there will be no receding from the position. We shall have to do the business unaided, or at least to hold Johannesburg in our hands and be guided thereafter by events. The predominant Power in South Africa cannot view with indifference the spectacle of so many thousands of its subjects being precipitated into a bloody conflict to which no limits can at this moment be set ......*

'n Dag nadat hierdie hoofartikel verskyn het, het die waarnemende landdros van Krugersdorp onder meer aan die kommandant-generaal getelegrafeer dat die spoorlyn tussen Maraisburg en Johannesburg deur dinamiet verniel was en dringend gevra dat kanonne gestuur word aangesien hy verwag dat „de oproermakers van Johannesburg uit komen om de troepen van de Chartered Coy alhier te helpen."

## f. *DIE MOTIVERING, DIE EINDE*

Dr. Jameson was, voor die oorgawe, begerig om sy belofte teenoor sy mede-landgenote aan die Witwatersrand te vervul en het tewens aan sir Jacobus de Wet meegedeel :

> *I have molested no-one and have explained to all Dutchmen met that the above is my sole object and that I shall desire at once to return to the protectorate.*[20]

Hierdie gedagtegang van dr. Jameson was nie nuut nie. Op 30 Desember 1895 het komdt. J. D. L. Botha, van Marico, berig aangaande die grensoorskryding deur dr. Jameson en sy troepe van die waarnemende mynkommissaris op Otttoshoop ontvang. Terwyl komdt. Botha onmiddellik die kommandant-generaal van dié voorval in kennis gestel en sy burgers opgekommandeer het, het hy terselfdertyd twee burgers met 'n brief na dr. Jameson gestuur om laasgenoemde, namens die kommandant-generaal, te gelas om die grondgebied van die Zuid-Afrikaansche Republiek te ontruim.

Teen sonsondergang van dieselfde dag het hierdie twee afgesante dr. Jameson op die plaas Cyferfontein ontmoet en die volgende, skriftelike antwoord ontvang :

> *December 30th 95*
>
> *Sir, I am in receipt of your protest of the above date and have to inform you that I intend proceeding with my original plans which have no hostile intentions against the people of the Transvaal, but we are here in reply to an invitation from the principal residents of the Rand to assist them in their ordinary rights of every citizen of a civilised state.*
>
> *I am Sir,*
>
> *Yrs faithfully,*
>
> *L. S. Jameson.*[21]

'n Soortgelyke antwoord, altans met betrekking tot die doel van sy ekspedisie, het dr. Jameson ten tye van sy oorgawe aan komdt. (later genl.) P. A. Cronje gegee, aldus komdt. F. J. Potgieter in 'n beëdigde verklaring van 3 Maart 1896.[22]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

'n Ontmoeting tussen gewapendes vanuit Johannesburg en dr. Jameson se mag het nie plaasgevind nie en as gevolg hiervan het dit vir die Transvaalse regering, sowel as vir komdt.-genl. P. J. Joubert, aanmerklik makliker geword om 'n besonder dreigende gevaar, staatkundig sowel as militêr, die hoof te kan bied.

Van militêr-historiese waarde is, in verband met die suiwer militêre aspek van die mislukte inval, die teks van 'n gedeelte van die volgende marsorder wat in besit van maj. Robert White was.

*29th December 1895*

1. *The Force under the command of Lt.-Col. Sir John Willoughby will proceed in light marching order on two days patrol including 6 maxim guns, one 12½ pounder, six Scotch carts and one Cape cart. The Maxims, 12½ pounder and Scotch carts will be fully equipped—*

2. *The Force will be ready to march off at 5 p.m.*

3. *The men will be equipped as follows, each man carrying: — 1 Bandolier — 50 rounds of ammunition, Haver sack, Waterbottle (full), Rifle 10 rounds in Magazine, Saddlery complete including Headstall and rein, Wallets and Cloack straps, Rifle bucket, nose bag, Robiol tin.*

4. *The Force will move off as laid down for order of night march.*
   (a) *One troop will form the advance guard, accompanied by one Maxim: Marching and in rear of the support on the road.*
   (b) *One squadron will march at the head of the main body.*
   (c) *Followed by 4 Maxims and 12½ pounder.*
   (d) *Mounted gun detachments.*
   (e) *Cape Cart.* } under the Transport Officer
   (f) *Six (6) Scotch Carts.* } under the Transport Officer
   (g) *One squadron.*
   (h) *All led horses under Sub-Inspector Musters.*
   (i) *The troop of the rear squadron which includes the Rear Guard.*
   (j) *Rear Guard one Troop.*
   (k) *One Maxim which will march in front of the Rear Guard support.*

8. *In case of alarm when halted by day or by night, the men will stand by their arms and wait orders, no firing to take place without order to that effect.*

*By order J. B. Stracey.*[23]

## g. *DIE OPMARS NA PRETORIA*

Teruggaande na J. P. Fitzpatrick se besonderhede met betrekking tot die bespreking wat in September 1895 tussen dr. Jameson en die Johannesburgse leiers oor gewapende hulp, die smokkel van gewere en ammunisie na die Goudstad en die bewapening van 9 000 man aldaar, gevoer is, word weer eens verwys na die plan om die fort en die magasyne op Pretoria te bemagtig.[24]

Met hierdie fort is die ommuurde Staatsartillerie-kaserne, aan Potgieterstraat, bedoel. Dan sou Pretoria sonder slag of stoot in die hande van die Johannesburgers geval het, aangesien die Boere weliswaar gewere, maar geen ammunisie of kanonne nie, besit het. Daar was, volgens Fitzpatrick, ongeveer 100 artilleriste in die kaserne

en van hulle sou, na nege-uur die aand, nie meer as 'n dosyn wakker wees. Vyftig man sou die kaserne kon verower het, die gewere, kanonne en ammunisie buit en daarna die stasie storm om die benodigde hoeveelheid krygstuig te vervoer en die res te vernietig.

Uit getuienis wat in Februarie 1896 deur 'n sekere John Keith, 'n werknemer in diens van die Geldenhuis-mynmatskappy, afgelê is, blyk dat die *George Washington Corps* opgerig was om Pretoria binne te ruk en die stryd teen die Boere aan te knoop. Hierdie korps het, volgens genoemde getuie, hoofsaaklik uit Australiërs, Kanadese en Engelse bestaan.[25]

Dan was die Irene-landgoed, naby Pretoria, 'n brandpunt van bedrywighede tussen 28 en 30 Desember 1895.[26] Osse, perde, skape en saals en vyf kaste met klere (gewig 874 pond) was onder dié vraggoed wat per trein op Irene aangekom het en by die landgoed afgelewer is, maar 'n bevel om vandaar Pretoria aan te val, is egter nooit gegee nie.[27]

Omstreeks dieselfde tyd was die lug vol gerugte. Pretoria is in wyke verdeel, burgerwagte is opgestel en briewe is deur die kommandant-generaal ontvang, waarin verklaar is dat die hoofstad aangeval sal word.[28] Teen die einde van Desember 1895 het die posisie op Pretoria, as gevolg van die toestroming van opgekommandeerde burgers, geleidelik verbeter[29] en het dit duidelik geword dat, ookal as 'n gevolg van dr. Jameson se oorgawe en die reaksie wat hierop in Johannesburg gevolg het, 'n aanval op Pretoria nie meer sou plaasvind nie.

Op Nuwejaarsdag 1896 het die gedagte van 'n gewapende aanslag teen Pretoria nog terdeë bestaan indien die volgende uitlatings as verteenwoordigend beskou kan word. In die loop van die aand van genoemde dag het „a prominent citizen" van die Goudstad tydens 'n toespraak in Commissionerstraat verklaar :

> *We must have a new Government — Boys. I say we must settle this matter at Pretoria ourselves (cheers) and Jameson must take us there (Prolonged cheering).*[30]

Komdt. D. E. Schutte, Kommissaris van Polisie, Z.A.R., het op Nuwejaarsdag 1896 die volgende telegram uit Johannesburg aan die Staatsekretaris, Pretoria, gestuur :

> *Hier is een gerucht dat Pretoria zal aangevallen worden. Moeilijk te zeggen door Jameson of door Jhburgers. Een versterking is vandaag van hier naar Jameson vertrokken. Het best zal wezen eene goede macht te houden in de verschillende paden en die goed te bewaken.*[31]

Nog 'n aanduiding dat 'n aanval op Pretoria deur vyandelike magte nie tot die onwaarskynlike behoort het nie, is uit 'n ander bron afkomstig. Op 29 Maart 1896 het die regsgeleerde John F. P. Rawlinson van Pretoria, aan die Britse *Director of Public Prosecutions*, H. Cuffs, geskrywe dat hy die langwerpige kaart gesien het wat 'n dag na die oorgawe op die Doornkop-slagveld gevind is, Rawlinson skrywe verder :

> *I attach weight to the plan as it shows that all the roads to Pretoria had been well surveyed, while only the direct road to Johannesburg appears on the plan — showing, as I suggest, that the original idea was to march on Pretoria probably by way of Irene estate which is marked on the plan where you will remember Holden and others had driven from Johannesburg some months previously (See White's diary).*[32]

### h. *DIE MILITÊRE POSISIE OP PRETORIA*

Die vraag wat, in geval van 'n gewapende aanslag deur dr. Jameson se troepe, met of sonder Johannesburgse versterkings, of omgekeerd, van militêre kant gesien deur die verdedigers van Pretoria kon verrig gewees het, het — o.i. gelukkig — op dié tydstip geen beantwoording nodig gehad nie.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Op Nuwejaarsdag 1896 was die sterkte van die Korps Staatsartillerie, op papier altans, nege offisiere en 100 manskappe. In werklikheid was daar ongeveer sewentig aan diens, terwyl — nadat die Jameson-inval bekend geword het — nog ongeveer vyftig reserviste opgekommandeer is.[33] Van die diensdoende artilleriste was feitlik almal uit Pretoria om die Kers- en Nuwejaargety by hul familielede en gesinne deur te bring. Hulle moes teruggeroep word.[34]

Aan hierdie handjievol beroepsmilitêre was die verdediging van die Artilleriekamp, die Staatspresidentswoning en die goewermentsgeboue teen moontlike aanvalle van die kant van Mafeking, Pietersburg of Johannesburg toevertrou.[35]

Die kommandant-generaal was in Desember 1895 met twee maande verlof na Natal en Wakkerstroom. Op 25 Desember het hy 'n telegram van waarnemende Staatsekretaris C. van Boeschoten ontvang om, na aanleiding van gerugte oor 'n oproer in Johannesburg, na Pretoria terug te keer.

Op sy reis na die hoofstad het genl. Joubert tussen Standerton en Heidelberg in 'n treinongeluk beland en, as gevolg van vertraging, eers in die loop van die namiddag van 27 Desember 1895 op Pretoria aangekom.

Daar het dit hom voorgekom dat sake nie van so 'n ernstige aard was nie om die onmiddellike opkommandering van kommando's te regverdig nie. Nadat die gerugte sterker geword het, is besluit om al die kommandante en veldkornette te telegrafeer om hulle vir 'n spoedige en onverwagte oproeping gereed te maak. 'n Paar burgers het stil-stil in Pretoria aangekom om die Staatspresidentswoning en die Artilleriekamp te bewaak. Opdrag is gegee om die artilleriste in gereedheid te hou.

Dit was die toestand voordat, in die loop van die oggend van 30 Desember 1895, berig in verband met die grensoorskryding by Ottoshoop deur genl. Joubert ontvang is. Die kommandant-generaal het die regering ingelig en het, voordat die Uitvoerende Raad tot die een of ander besluit gekom het, sy maatreëls begin tref om die invallers te keer.

Op 2 Januarie 1896 het gerugte van oproer en 'n moontlike aanval vanuit Johannesburg op die Artilleriekamp en die dorp Pretoria aanhoudend sterker geword. Volgens genl. Joubert was dit bykans onmoontlik om te bepaal „waar het ergste brandpunt zou zijn, daar bij Jameson of hier te Pretoria".[36]

Berigte is in Pretoria ontvang dat troepe van die B.S.A.C. Soutpansberg sou binneval en dat die agterhoede van dr. Jameson se mag Zeerust sou aanval. Op dié tydstip het genl. Joubert besluit om burgerkommando's op te roep en grensmagte te versterk. Onder meer is, op 30 Desember 1895, 'n telegram aan komdt. S. P. E. Trichardt, van Middelburg, gestuur om alle gewapende perderuiters onmiddellik op te kommandeer, sonder versuim na Pretoria te laat kom en daarna die traes so spoedig moontlik te laat volg.[37]

Komdt. Trichardt het met 'n klein afdeling burgers in die hoofstad aangekom en daarna het die geleentheid gekom om 'n klein afdeling artilleriste met 'n bergkanon en 'n meksim na dié burgers te stuur wat dr. Jameson probeer keer het. Die vertrek na Krugersdorp het op Nuwejaarsdag 1896, om twee-uur nm. plaasgevind.

Maj. P. E. Erasmus, lt. Wolmarans en twaalf artilleriste het, onder dekking van komdt. Trichardt na Krugersdorp afgereis,[38] terwyl daar voldoende burgers op Pretoria agtergebly het om die hoofstad te bewaak en te verdedig. Staatspresident Kruger het die stuur van kanonne teruggehou tot die koms van komdt. Trichardt en eers, nadat die versekering verkry is dat die aanval op Pretoria nie meer uitgevoer word nie, toestemming gegee dat die geskut die stad kan verlaat.[39]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Voor die koms van komdt. Trichardt het Pretoria op 'n wonderbaarlike wyse aan 'n moontlike gevaar ontkom!

Wat dié gevaar beteken het, word vir die leser duidelik wanneer die haglike omstandighede, wat — van regeringskant gesien — in Johannesburg bestaan het, in oënskou geneem word.

## *AANTEKENINGE*

1. KG 75/2, waarin CR 4872/96.
2. Jean van der Poel, *The Jameson Raid,* (Cape Town, 1951), p. 1.
3. *Rapport van den Commandant-Generaal voor het jaar 1895,* (Pretoria, 1896), p. 2. In verband met die inval en genl. P. J. Joubert se optrede e.d.m.: J. A. Mouton, „Genl. Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis," *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* jg. 20, dl. 1 (1957). Veral p. 158 e.v.
4. Die kamp was op dieselfde plek geleë waar vandag die Suid-Afrikaanse Weermag se hoofkwartier (Potgieterstraat, Pretoria) gevestig is.
5. KG 75/2, waarin CR 4872/96.
6. N. J. Hofmeyr, *De Afrikaner-Boer en de Jameson-inval,* (Amsterdam-Kaapstad, 1896), p. 430, pp. 436-437; J. Ploeger (bygestaan deur kol. H. J. Botha), *Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop — Gister en Vandag,* (Pretoria, 1968), pp. 6-9.
7. SP 96/2. (Maj. R. White se dagboek, uittreksels).
8. *Ibid.*
9. Die uittreksels is gepubliseer in die amptelike Z.A.R.-publikasie *Stukken betrekking hebbende op den inval van de troepen der British South Africa Company in de Zuid-Afrikaansche Republiek,* (Pretoria, 1896).
10. Van der Poel, *op. cit., p. 41.* J. P. Fitzpatrick, *De Transvaal van binnen beschouwd,* (London, 1902), pp. 101-102.
11. *Ibid., p. 57.* Daar was 100 man van die *Duke of Edinburgh's Own Volunteer Rifles,* Kaapstad, onder hulle.
12. SSA 334, waarin RA 1056/96 (telegram: Bulawayo — *Star,* Johannesburg, 31.12.1895. Van der Poel, *op. cit.,* p. 57.
13. SP 99, waarin SPR 565.
14. Van der Poel, *op. cit.,* p. 58. Dr. H. A. Wolff, 'n Amerikaner, het as medikus in Johannesburg gepraktiseer. Saam met F. Liesching, van Mafeking, het hy die denkbeeldige „Rand Produce and Trading Syndicate" gestig. Hy het 'n paar honderd perde, bestemd vir die invallers, gekoop en op 'n plaas van 'n Volksraadslid laat wei.
15. In die verklaring (SP 99) staan Leesing.
16. Dié veronderstelling was nie korrek nie. Van der Poel, *op. cit.,* p. 109. Op 5.2.1896 het telegrafis H. Mathews voor die landdros van Potchefstroom verklaar dat die telegraaflyn op twee plekke by Malopo verniel was en dat 200 tree van die draad in die bosse weggesteek was. Die lyn is herstel en nuwe pale geplaas (SP 99, waarin TD 38/96).
17. Dit was Rustenburgse burgers. Die kommandant van Rustenburg het telegrafies meegedeel vanaf Krugersdorp dat die invallers kanonvuur op 'n deel van sy kommando gerig het en nader. Die telegram lui verder dat die burgers posisie ingeneem het in die rantjies naby Krugersdorp. Hy vervolg: *Help ons aan kanonnen en ammunisie want elk burger heeft slechts twintig patronen en menigte hebben noch geweer noch patronen* (SSA 343, waarin RA 1056/96).
18. Die teks van die briefie wat kol. Willoughby aan komdt. H. P. Malan (Rustenburg) gestuur het, lui soos volg: *January 1st 95. To Commandant in Chief Krugersdorp. From O.C. of the friendly Force en route to Johannesburg. Sir I have the honour to inform you that in event of my meeting with any hostile opposition in my advance through Krugers-*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

*dorp, I shall be bound to shell the position of the town and hereby give you due warning so that peacable inhabitants and women and children may leave before 4 p.m. today. I have the honour to be Sir Yrs John Willoughby Lt. Col.* (SP 99, waarin R1080/96).

19. SSA 343, waarin afskrif van telegram by RA 1056/96. In die verklaring van J. F. van der Wateren is vermeld dat vier perderuiters die spoorlyn naby Fordsburg opgeblaas en gesê het: *„Jameson is coming. He has beaten the boers. He shall be here within four hours."* Na oponthoud het V. d. W. op Langlaagte aangekom (SP 99, waarin SPR 876/96).
20. FK 1, waarin CO 84 (sir Hercules Robinson — Minister van Kolonies), 2.1.1896. Van der Poel, *op. cit.*, p. 110 i.v.m. volledige beskrywing.
21. SP 97, waarin uittreksels van verslag komdt. van Marico en skrywe van dr. Jameson.
22. KG 66/2, waarin CR 2015/96.
23. SP 96/2, waarin afskrif van volledige marsorder. Met betrekking tot die geveg by Doornkop is die kontemporêre beskrywing van James King, *Dr. Jameson's Raid. It's Causes & Consequences,* (London, 1896) lesenswaardig (pp. 56-66). Die Z.A.R.-Groenboek No. 2, 1896 is, vir 'n verdere studie van die inval, onontbeerlik. Van die pamfletliteratuur oor die inval word o.m. *Een banierdrager der gerechtigheid. Sir. W. Harcourt's Rede gehouden in het Eng. Parlement (L. - H.) op 8 Mei 1896,* ('s-Gravenhage, 1896) en, in groter verband, *De Boeren en de Mijnwerkers van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Een vriendschappelyke brief van President Kruger, van John Mackenzie,* (Kaapstad, 1896) genoem.
24. J. P. Fitzpatrick, *De Transvaal van binnen beschouwd,* London, 1902) pp. 101-102.
25. SP 96/1. Aanvanklik is voorgegee dat die G.W.C. opgerig is om lewens en eiendomme en die Transvaalse vlag te beskerm. Korpslede is ingeskryf in die „American Hotel."
26. SP 99, waarin SPR 135/96. KG 61/1, waarin CR 541/96.
27. Dieselfde band en dokumente; Van der Poel, *op. cit.*, p. 105.
28. Sien o.m. N. J. Hofmeyr, *op. cit.*, p. 267. Waghuise is ingerig by die Arcadia-meul, Arcadia; by die woning van P. G. van der Byl, Esselenstraat, Trevenna (Sunnyside), by die Ebenhaezer-skool, Skinnerstraat; by die kantoor van die firma Delfos, Andriesstraat; in Markstraat (Paul Krugerstraat) en op die hoek van Pretorius- en Kock- (Bosmanstraat). Wyk 1—Arcadia, Wyk 2—Sunnyside, Wyk 3—Mark (Paul Krugerstraat-Kerkstraat (regs van stasie), Wyk 4—Kerkstraat-Mark (Paul Krugerstraat) (regs van stasie), Wyk 5—Markstraat-Kerkstraat, Boomstraat, Wyk 6—Kerkstraat-Mark (Paul Krugerstraat) (links van stasie).
29. N. J. Hofmeyr, *op. cit.*, p. 220.
30. SP 91, waarin briewe en dokumente, afkomstig uit die kantoor van „The Star," Johannesburg. Brief van 2.1.1896.
31. SSA/334, waarin RA 1056/96.
32. FK 1077, waarin Desp. 148 (geheim).
33. KG 87/1, waarin CR 63/97. (maj. P. E. Erasmus se verslag).
34. N. J. Hofmeyr, *op. cit.*, p. 220.
35. *Ibid.*, p. 220.
36. KG 75/2, waarin CR 4872/96 (Amptelike verslag: K.G. — Pres. en Uitvoerende Raad, 17.9.1896).
37. KG 254a, waarin telegram KG — Komdt., Middelburg, 30.12.1895.
38. KG 87/1, waarin CR 63/97. In hierdie verslag is een bergkanon en twee meksims genoem. In CR 4872/96 (in KG 75/2) verklaar die K.G. dat hy nie veel geloof aan 'n kanon heg nie. Hofmeyr, *op. cit.*, p. 220, verklaar dat die K.G. gedurende 'n aantal dae nie met sekerheid geweet het nie waarnatoe hy die kanonne moet stuur.
39. J. A. Mouton, *op. cit.*, p. 164 (Verklaring van genl. Joubert in „Land en Volk", 24.11.1897). Vgl. aant. 38, i.v.m. kanonne met J. A. Mouton se verduideliking op bogenoemde bladsy: Op 1.1.1896 het die Staatspresident (Z.A.R.) die Vrystaatse president telegrafies gevra of die Vrystaatse regering M.H.-gewere en 'n battery kanonne met toebehore kan verskaf (SSA 344, waarin RA 1056/96).

MILITIBUS MEMORIA

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# 2

# JOHANNESBURG IN BEROERING (1895 - 1896)

## a. *JOHANNESBURG BEWAPEN. DIE STIGTING VAN KORPSE*

In die Transvaalse Groenboek nr. 2, 1896, wat in genoemde jaar onder die titel „Stukken betrekking hebbende op den inval van de troepen der British South Africa Company in de Zuid-Afrikaansche Republiek" op Pretoria gepubliseer is, kom 'n groot aantal besonderhede met betrekking tot die aanvoer en berging van wapens op Johannesburg voor. Hierdie wapens is deur die *Reform Committee* aangekoop, in myne en geboue weggesteek en op 9 Januarie 1896 aan die Transvaalse regering oorhandig. In totaal was 2 219 gewere en groot hoeveelhede ammunisie by hierdie oordrag betrokke.[1]

Mynkommissaris J. L. van der Merwe het teen die einde van Desember 1895 informasie ontvang dat wapens en ammunisie by verskillende myne aanwesig was. Op Sondag 29 Desember 1895, toe hy voldoende inligting besit het, het hy sy bevindings aan komdt. D. E. Schutte gerapporteer. Op 30 Desember het die twee hoofamptenare 'n onderhoud met die regering op Pretoria gevoer. By hul terugkeer op Johannesburg het die kommissaris en die kommandant gesien dat wapens en ammunisie op straat uitgedeel is. Honderde blankes en 'n aantal nie-blankes het deur die strate geloop en sommiges was gewapen.[2]

Johannes J. C. Leyds het op 26 Januarie 1896 op Johannesburg getuig dat honderde mans deur, namens en ten behoewe van die *Reform Committee* gedurende die laaste dae van Desember 1895 bewapen en geoefen is met die doel en voorneme om, indien nodig, op enige gewapende mag te skiet wat die Transvaalse regering na Johannesburg sou stuur.[3]

Verskillende „brigades", aldus Leyds, wat as konstabels, rusbewaarders e.d.m. op Johannesburg diens gedoen het, was in werklikheid behoorlik geoefen. Hy het verklaar dat hy bekend was met die Australiese brigade (800 man, almal gewapen), die Northumberland- en Durbankorps (ongeveer 400 man), die Skotse brigade, bestaande uit oud-offisiere en -soldate van Britse of Skotse regimente (sterkte 1 000 - 1 200 man), die *Cumberland Corps* (ongeveer 200 man), die *Cornish Volunteers,* die Ierse brigade (ongeveer 250 man), die *Bettington Horse* (120 man), 'n gedeelte van die Randse Amerikaners wat die *George Washington Brigade* gevorm het, en ambulans-eenhede soos die *Australian Red Cross* en die ambulansbrigade met die Maltese kruis. Al hierdie vrywilligers was bewapen.

Dan was daar nog minstens 400 man ongewapende polisie onder leiding van die vroeëre hoofspeurder A. Trimble.

Aan hierdie besonderhede het Leyds toegevoeg dat die Northumberland- en Durbankorps op 2 Januarie 1896 Hospitaalheuwel beset het om die toegang tot Johannesburg vir Boerekommando's en Staatsartilleriste te probeer afsny. Freeman Cohen, dr. Parker, dr. Robertson, H. Sladden, T. J. Watson, N. A. Gavrin, J. W. Pierson, L. Granman (sekretaris) en ander was belas met die bevel en uitrusting van hierdie eenheid.

Leiers van die Amerikaanse korps was J. H. Hammond, G. Hall, Geo. Howard, S. Jennings, „Captain" Rodder, J. Hildebrandt en ander. Onder die lede van die Skotse brigade was J. M. Ross, Thos. Begbie, D. Strachan en H. C. Marshall. Dié

eenheid was in sewe kompanies verdeel en is aangevoer deur kapt. V. G. Gordon. Kwartiermeester-sers. McRobb was in bevel van die tweede kompanie, sersante W. Parkes en H. Dunford was in bevel van die derde kompanie en kapt. Begg het die vierdie kompanie aangevoer. Kapt. Cochrane, kapt. H. C. Marshall en kapt. S. Tregarthen het, in dieselfde volgorde, die vyfde tot die sewende kompanie aangevoer.

John Dixon en ander was aan die hoof van die *Cumberland Corps* wat later met die *Northumberland Corps* saamgesmelt het. Een van die leiers van die *Cornish Volunteers* was J. Hosken en hierdie eenheid het op die kantoorterrein van die gelyknamige Johannesburgse firma geoefen. Die *Bettington Horse* is georganiseer en gekommandeer deur kapt. R. A. Bettington en sou die perderuiters van dr. Jameson te hulp snel. Hulle is ewenwel deur die burgers op die vlug gedryf.

In die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, is, onder die opskrif „Pay Sheet. Reform Committee Force. Bettington's Horse, Commander Col. R. A. Bettington",[4] 'n betaalstaat aanwesig waarop onder meer die volgende besonderhede voorkom:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *H. A. Bettington* | *Colonel* | *Days* | *Nil.* |
| *C. H. Fowler* | *Captain 1* | *50/-* | *£2/10/0.* |
| *J. R. Chesnaye* | *Captain 1* | *50/-* | *£2/10/0.* |
| *C. M. Matthias* | *Lieutenant 1* | *40/-* | *£2/0/0.* |
| *J. P. Clover* | *Lieut, & Qr Master 1* | *50/-* | *£2/10/0.* |
| *E. Halluvell* | *Lieutenant 1* | *40/-* | *£2/0/0.* |
| *M. Bowker* | *Lieutenant 1* | *40/-* | *£2/0/0.* |
| *Lord-ffrench* | *Lieutenant* | *40/-* | *£2/0/0.* |
| *S. Marshall* | *Regtl Sergt 1 Major* | *30/-* | *£1/10/0.* |
| *P. Fitzwilliams* | *Qr Mastr Sergt 1* | *30/-* | *£1/10/0.* |

Hierop volg die name van 'n aantal manskappe wat 5/- per dag aan soldy ontvang het. Tot op 7 Januarie 1896 is aan die offisiere, onderoffisiere en manskappe van hierdie eenheid, in totaal £898 aan soldy uitbetaal.

In sy verklaring het Leyds ook daarop gewys dat op 2 Januarie 1896 ongeveer 2 000 van hierdie vrywilligers in die rigting van Langlaagte opgeruk het om dr. Jameson se troepe die stad binne te lei. Leyds het sy beëdigde verklaring met die volgende woorde afgesluit:

> *Het is mijn vaste overtuiging dat het te Johannesburg vestigen eener Voorlopige Regeering, het afschaffen en uitsluiten der landstaal, het oproepen, uitrusten en wapenen van soldaten, voet- en rijdende politie, het instellen van een Engelsch gerechtshof, het beschimpen der H. Ed. Regeering, het betuigen van sympathie met de Rhodesia vrijbuiters, het zweren van trouw aan Jameson . . . . . . en het onwettig invoeren (dus smokkelen) van kanonnen, geweren enz-enz. alle hoogst strafbare handelingen, en pogingen tot Oproer, Opstand of Rebellie, of daden van Rebellie zelve zijn.*

Met betrekking tot militêre opleiding het Abraham Paulse, 'n Kaapse Kleurling, 'n verklaring afgelê waarin hy getuig het dat 500 van hulle, ongewapen, by 'n korps aangesluit het. Die ouers het polisiediens verrig en Paulse het verder verklaar:

> *Die kapitein heeft ook gezegd dat als wij de boeren overwen, wij de zelfde regten zullen hebben als de wit menschen in de Transvaal. Ons heef omtrent 19 dagen op de vlakte by de oude slagt palen geexcerserd. Ieder van ons kreeg £:10.- per week. Maar kregen nooit eenige betaling.*[5]

Komdt D. E. Schutte (Z.A.R.P.) het op 4 Februarie 1896 die volgende getuienis[6] afgelê: Tot 21 November 1895 was die stad rustig. Op 27 Desember 1895 het hy van sy luitenante verneem dat die stad onrustig en woelig was en dat sommiges probeer het om met die polisie in botsing te kom. Op 28, 29 en 30 Desember 1895 was daar, met uitsondering van 'n paar, geen polisie in die stad nie. Komdt. Schutte het die polisie weggeneem omdat een van die oproerlingleiers, Charles Leonard, verklaar het dat daar 'n groot slagting sou plaasvind. Aangesien die kommandant opdrag gekry het om alles te doen om botsings te vermy, het hy die polisie weggeneem. Op 30 Desember 1895 is gewere aan die oproermakers uitgedeel en op Oujaarsdag 1895 het komdt. Schutte troepe sien uittrek om posisies in te neem.

In dié verband is deur hom verklaar:

> *de eerste positie was by de reservoir, de Nazareth Home de ander by de slachtpalen van Curtis, rechterzyde van Jhb toen ik zien dat de commandos niet komen uittrekken, trok ik met myne menschen ook uit naar de gevangenis, om die te beschermen omdat ik gehoord heeft die zy die wil nemen.*

Op Oujaarsdag het komdt Schutte gesien dat die oproerlinge hul posisies versterk het en later getuig:

> *By de posities hebben zy kleine schansen gemaakt. Zy hebben klaar gemaakt zich tegen een macht te ontzitten — o.a. 9 ryen schiet gaten in de Nazareth huis gebouw. Ik zag een maxim. Ik en v.d. Merwe zag ook een kanon omtrent op 60 treden afstand ......*

Op 2 Januarie 1899 is 'n beroep op 'n aantal mynwerkers, afkomstig van Cornwallis, by die kantoor van die, ,Cornish Association" gedoen om 'n eenheid te stig. In „The Star" van 3 Januarie 1896 is in verband met dié oproep meegedeel:

> *Cornishmen have now to some extent removed the stigma cast upon their race through the exodus of to many of their members and the refusal of so many more to identify themselves with the reform movement consequent on the danger it was supposed to involve them in ...... It was resolved to form a brigade, the motto of which is of course "One and All", and a deputation was appointed to wait upon Mr. James Hosking, an experienced volunteer, and invite him to become the commanding officer. Mr. Hosking accepted the captaincy. Last night the men mustered about 300 strong, and enrolment was proceeding briskly this forenoon. The corps paraded for drill between nine and ten o'clock.*

'n Paar dae voordat die Cornwallis-mynwerkers begin oefen het, het genl. P. J. Joubert se skoonseun, A. H. Malan, op Oujaarsdag 'n besoek aan Johannesburg gebring. Daar het die latere sir Abe Bailey hom na die „Goldfields Hotel" geneem waar minstens 3 000 - 4 000 gewapendes saamgetrek was. Reeds by 'n vorige besoek aan Johannesburg het Malan van J. W. Leonard, 'n lid van die *Reform Committee*, verneem dat daar voldoende wapens in Johannesburg was om minstens 30 000 man te bewapen.[7]

Op 18 Januarie 1896 het lt. Karl Christiaan Pieterse, 'n Z.A.R.P.-offisier, verklaar dat in die woelige dae in Desember en Januarie mans met wapens op die Markplein, die Marshallplein, naby die Crown Reef-myn en die spoorweggeboue geoefen het. Dieselfde offisier het versterkings op Jeppe, by die waterwerke, naby die woning van Lionel Phillips en naby die spoorlyn gesien. Hy het tewens verklaar dat op die dag waarop dr. Jameson en sy mag op Johannesburg verwag is, die koppies rondom die Goudstad vol gewapendes was.[8]

b. *DIE STERKTE VAN DIE KORPSE*

In 'n verklaring wat deur Lionel Phillips, Francis Rhodes, George Farrar, G. Sandilands en C. M. Clement in verband met die oorgawe van wapens deur die *Reform Committee* afgelê is, kom die volgende opgaaf onder die opskrif *Return of forces armed* voor:

| | |
|---|---|
| Wolhuter, Brellen, | 73 |
| Village & Rand Ore, Tremeer, | 330 |
| Jeppestown, Clement Section, | 160 |
| Braamfontein, Anderson, | 99 |
| Bonanza, Spencer, | 400 |
| Hohenheim, Williams, | 115 |
| Scotch Corps, | 50 |
| Lawley, | 34 |
| Trimble Gunnery, | 255 |
| Little Gunnery, | 10 |
| Gilfillan Sampson, | 150 |
| Battington, | 100 |
| Henderson, | 40 |
| Karri Davis, | 100 |
| Natal Horse (Nourse), | 50 |
| Donaldson, | 50 |
| Forbes, | 10 |
| Waterworks, Goddard, | 230 |
| Total : | 2 256 |

Verder was ongeveer 270 man afgesonder om die stad en die myne te verdedig, terwyl vyf-en-sewentig man 'n soort van reserwe gevorm het. Indien laasgenoemde groepe by die vorige totaal opgestel word, word 'n groottotaal van 2 601 verkry. Op 9 Januarie 1896 is 'n opgaaf van 2 219 gewere aan die Transvaalse regering verstrek.[9]

Daar bestaan ook 'n opgaaf waarin die aantal opgewapendes, wat lede van Uitlander-eenhede was, vermeld is. Die volgende dokument is aan kriminele landdros N. van der Berg, van Johannesburg, op 'n ongenoemde datum verstrek.[10]

*Return showing Names of Officers and the approximate Number of armed and unarmed men enrolled under them.*

| | *Name of officer* | *No. of men armed* | *No. of men unarmed* | *Total enrolled* |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Geo Washington Corps W. M. Carlin | — | 129 | 129 |
| 2. | Capt. V. M. Clement | 233 | 100 | 333 |
| 3. | Capt. Spencer | 400 | — | 400 |
| 4. | Capt. Goddard | 230 | 100 | 330 |
| 5. | Capt. Trencher | 330 | 71 | 401 |
| 6. | Capt. Williams | 115 | 30 | 145 |
| 7. | Capt. Anderson | 99 | 40 | 139 |
| 8. | Maj. Wollaston | 50 | 8 | 58 |
| 9. | Col. Bettington | 100 | — | 100 |
| 10. | Australians Capt. Davies | 100 | 817 | 917 |
| 11. | Intelligence Dept. Capt. Lawley | 34 | — | 34 |

| | *Name of officer* | *No. of men armed* | *No. of men unarmed* | *Total enrolled* |
|---|---|---|---|---|
| 12. | Scots Corps<br>Sir D. Dunbar | 50 | 1 080 | 1 130 |
| 13. | Leslie Martin | — | 35 | 35 |
| 14. | Cattle Guard | — | 8 | 8 |
| 15. | Jeppes Town Police | — | 122 | 122 |
| 16. | Despatch Riders | — | 10 | 10 |
| 17. | Maxim Dept | 3 maxims | | 23 |
| 18. | Tent Makers | — | 15 | 15 |
| 19. | Cumberland | — | 54 | 54 |
| 20. | Capt. Samson | 150 | — | 150 |
| 21. | Commissariat and Police | 255 | 46 | 301 |
| 22. | Cyclists | — | 56 | 56 |
| 23. | Natal Horse | 50 | — | 50 |
| 24. | Capt. Forbes | 10 | — | 10 |
| 25. | Capt. Little | 10 | 90 | 100 |
| 26. | Capt. Henderson | 40 | — | 40 |
| 27. | Distributed Among Mines & Town | 270 | — | 270 |
| 28. | Unissued | 75 | — | — |
| | | 2,601 | 2,811 | 5,360 |

Aan die stigting van korpse herinner ook die volgende gegewens. 'n Sekere James Cumming het 'n skrywe aan „Col. Rhodes or Chairman of the Reform Committee" gerig waarin hy aanbied om 3 000 „picked men" bymekaar te bring, „to effect the recapture of my countryman Dr. Jameson? Conditions: That I pick my own men, and choose my own officers."[11]

c. *WAARNEMINGS*

Op Oujaarsdag het 'n telegram by „De Volksstem", Pretoria, aangekom waarin verklaar is dat die kantoor van die „Consolidated Gold Fields"-maatskappy die hele voormiddag deur mans beleër is wat as rekrute by die oproerlinge wou aansluit. Die strate in die omgewing van die kantoor was vol en die samelewing het tot stilstand gekom.[12] Op dieselfde dag het sers. S. A. Smit, van die Johannesburgse Z.A.R. Polisie, 'n groep gewapende Kleurlinge, onder leiding van blankes, deur Fordsburg sien opruk. Voor dié dag het hy reeds omtrent sestig gewapende Bantoes gesien, terwyl daar op 24 of 25 Desember 1895 vyf of ses gewapende Bantoes by die kantoor van die „Consolidated Goldfields-maatskappy op wag gestaan het.[13]

Sowel op 30 as op 31 Desember 1895 het komdt. D. E. Schutte verontrustende telegramme aan die regering, op Pretoria, gestuur.

Op eersgenoemde dag het hy gesien dat die oproermakers beplan het om na Hospitaalheuwel op te ruk om die tronk en die polisiekaserne in besit te neem en te beset. Hulle sou dan daar bly en in staat wees om hul eie regering daar te stel, krygswet af te kondig en die telegraaf en die spoorweë in besit te neem, „met het oog om op te rukken naar Pretoria Kamp in bezit te nemen, en Hoofd Amptenaren te arresteeren." Dit sou, aldus komdt. Schutte, gelyktydig gebeur.[14]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Op Oujaarsdag 1895 het komdt Schutte soos volg aan die regering getelegrafeer:

> *Zaken zeer gevaarlijk 500 mannen min of meer is op het oogenblik by de north western hotel allen goed gewapend wij weten niet wat hun doel zijn een ernstige botsing schijnt onvermijdelijk te zijn het is voor mij onmogelijk om zoo een macht met de politie tegen te gaan.*[15]

## d. *'N TELEFONIESE GESPREK OP OUJAARSDAG 1895*

Op dieselfde dag het die „Commissie tot Verdediging der stad Johannesburg", bestaande uit mynkommissaris J. L. van der Merwe, spesiale landdros C. van Brandis, Edw. Hancock (namens die Gesondheidskomitee Johannesburg), Carl Jeppe, L.E.V.R., komdt. Schutte en Frans Kock (namens Uitv. Raad) op Johannesburg vergader en besluit om vrywilligers op te roep en ammunisie en gewere te bestel. 'n Telegram is na Pretoria gestuur om 3 000 gewapende burgers, met ammunisie e.d.m. vir dié vrywilligers (2 000) te stuur.[16]

Tydens of kort na hierdie vergadering het 'n telefoniese gesprek tussen die Staatsekretaris, op Pretoria, en komdt. Schutte, mynkommissaris Van der Merwe e.a. plaasgevind.[17]

Aan hierdie gesprek, wat letterlik aangeteken is, word die volgende ontleen: Die stad was gewapen en daar het vir die amptenare geen kans bestaan om uit Johannesburg te kom nie. Daar het 'n toestand van rewolusie geheers en die amptenare het sonder instruksies gesit. Vrywilligers, wat die regering goed gesind was, het kom hulp aanbied, maar daar was geen wapens vir hulle nie.[18]

Op 'n vraag van Staatsekretaris F. W. Reitz het mynkommissaris J. L. van der Merwe geantwoord dat hulle nie oor gewere en behoorlike ammunisie beskik nie. Daar was wel 'n aantal afgekeurde karabyne wat nie verder as 300 - 400 tree kon skiet nie, terwyl die opposisie met puik gewere gewapen was. Die regering het oor vyf-en-veertig rydende polisie, 120 voetpolisie en 150 vrywilligers beskik. Almal was, aldus die mynkommissaris, swak bewapen. Die offisiere van die vrywilligers was kapt. (waarnemende kommandant) A. A. Blecksley, luitenante Lensley, Durr, Susan, Begeman, kapt. Haas, van die Nederlandse vrywilligers, en Engelse vrywilligers onder lt. Leith en lt. Smith wat nog nie ingesweer was nie. Dan was daar nog ongeveer 500 Duitsers by die mynkommissaris se kantoor aanwesig.

Die Staatsekretaris het aan komdt. Schutte laat meedeel dat die polisie en die vrywilligers dieselfde aand na die tronk teruggetrek moet word. Daar moet vir sandsakke en beveiliging van die kanonne gesorg word, terwyl daar — van regeringskant — geen aanleiding tot 'n botsing gegee moet word nie. Daar bestaan, aldus die staatsekretaris, geen moontlikheid om met gewere deur te kom na Johannesburg nie. Nadat komdt. Schutte verklaar het dat, ingeval gewere deurgestuur word, dit onder 'n eskort van 500 - 600 man moet geskied en die tronk deur vrywilligers en polisie in besit geneem moet word, het mynkommissaris Van der Merwe verklaar:

> *De Regeering kan er op rekenen dat wij in alle opzichten waakzaam zullen zijn, maar wij kunnen natuurlijk niet weten wat de gewapende lui van nacht gaan doen want zijn omringd.*

In die loop van die middag het die kommissie weer vergader. Van Pretoria is niks verneem nie. Komdt. Schutte het gekla dat daar geen instruksies gestuur is nie. Kapt. Blecksley het verklaar dat die tyd vir beraadslagings verby is en verder is in die komitee se notuleboek aangeteken:

> *. . . . . . in Pretoria heft men nooit den ernst der zaak ingezien. Wie zal organiseeren? Wie zal verantwoordelijk zijn?*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Weliswaar het die Uitvoerende Raad op 30 Desember 1895 besluit om aan die wense van verskeie openbare liggame en persone van Johannesburg gehoor te gee deur bogenoemde komitee te benoem, en om 1 000 vrywilligers te Johannesburg op te kommandeer of te werf om as spesiale konstabels ingesweer te word. Hulle doel was om die lewens en eiendomme van al die Johannesburgers te beskerm,[19] maar sonder gewere sou hierdie groep niks kon uitrig nie.

## e. *HOOFSPEURDER ANDREW TRIMBLE BEDRYWIG*

Wat die Z.A.R.P.-polisie en -speurdiens verswak het, was die feit dat hoofspeurder Andrew Trimble ongeveer 400 ongewapende polisie gewerf en georganiseer het.

In „The Star" van 30 Desember 1895 het hierdie afvallige die volgende oproep laat publiseer:

*Enroll! Enroll!! Enroll!!!*

*Trimble's Detective Agency and Private Enquiry Offices.*

*My offices will be open daily from 9 a.m. to 5 p.m. for the purpose of Enrolling respectable men, who are fit and willing to do duty in Johannesburg and its Suburbs for the Protection of Life and Property in the event of serious disturbances.*

*Guards, Watchmen, Special Police, and Private Detectives supplied at short notice. Ex-Policemen and Ex-soldiers, with good testimonials specially enrolled for important duties. Good Pay will be given in the event of Services being required. No charges for Registration.*

*28th December, 1895.* ***A. Trimble.***

Trimble het sy polisie armbande, waarop in swart die woorde POLICE, en soortgelyke armbande waarop in rooi die woorde AUXILIARY POLICE gedruk was, laat dra,[20] sy hoofkwartier in die „Bettelheim Buildings" gevestig, patrolliedienste in die Johannesburgse strate georganiseer en, deur vonnisse te vel, homself die regte en pligte van 'n landdros toegeëien.[21] Trimble het van 28 Desember 1895 - 4 Januarie 1896 oor personeel beskik en onder sy bevel was een van 'n groepie wat hulself „The Royal Rosettenville Bengal Tigers" genoem het.[22]

## f. *DIE EERSTE SES DAE VAN 1896*

Op Nuwejaarsdag het 'n aantal voormanne van die *Reform Committee,* onder wie L. Phillips, 'n onderhoud op Pretoria met 'n regeringskommissie gevoer.[23] Op 2 Januarie 1896 het komdt. Schutte die polisie weer laat diensdoen in die Goudstad. Hy was, as gevolg van bedreigings deur 'n deel van die publiek, verplig om hulle terug te roep. Eers op 8 Januarie 1896 het die Johannesburgse polisie weer op straat verskyn.[24] Op eersgenoemde dag het hy 'n telegram van genl. P. J. Joubert ontvang waarin vermeld is dat, sodra vyandelikhede op Johannesburg sou begin, die regering gewere en ammunisie sou stuur. Van owerheidskant moet geen aanleiding tot 'n botsing gegee word nie, aldus die kommandant-generaal.[25]

Op 3 Januarie 1896, nadat die uitwerking van dr. Jameson se neerlaag orals bekend geword het en 'n proklamasie op Johannesburg deur die regeringskommissie uitgevaardig is, het die optrede van die *Reform Committee* aanmerklik gematigder begin word.[26]

Kleiminspekteur H. de Jager het op dieselfde dag nog mense by die Wolhutermyn sien oefen en op die volgende dag groot proviandvoorrade in skure by die Robinsongoudmyn gesien. By dieselfde myn was 'n kamp met gewapende persone en perde terwyl skanse by die Bonanza-myn opgerig was. In dié verband het die inspekteur op 21 Januarie 1896 onder meer voor vrederegter Robert Ferguson getuig:

*Op verschillende hooge steenhopen langs de mijnwerker waren zakken steenkolen opgestapeld met schietgaten voorzien. Op de Langlaagte Deep zag ik eene groote uitgraving met hooge wallen aan de zuidzijde van eene opening voorzien. Bij mijn terugkeer naar de stad zag ik lieden bezig met het aanleggen van een telegraaf- of telefoonlijn van het fort op de Bonanza Mijn in de richting van Auckland Park.*[27]

Teen Saterdag 4 Januarie 1896 was daar ruim 8 000 kommandolede op Pretoria en op dieselfde dag het dié opstandelinge op Johannesburg wat posisies buitekant die stad ingeneem het, na die stad teruggekeer.[28]

Veldkornet Oosthuizen het, aldus komdt. Schutte, twee paaie na Pretoria bewaak en laasgenoemde het dit as onwaarskynlik beskou dat gewapendes van die Witwatersrand na Pretoria opgeruk het.[29]

Geleidelik het die posisie van die regering sterker begin word. Die aantal opgekommandeerde burgers wat uiteindelik aan die stuit van die Jameson-inval en die demping van die onluste van die Witwatersrand deelgeneem of as grenswagte opgetree het, het tot 15 404 aangegroei terwyl die Vrystaatse regering 2 000 burgers tot by die Vrystaats-Transvaalse grens gestuur het.[30]

Ongelukkig was die burgers se bewapening ontoereikend en was 41% van die dienspligtiges, in weerwil van die geldende voorskrifte, totaal ongewapend,[31] maar ongeveer gelyktydig het die opstandbeweging in duie gestort.

## g. *DIE INEENSTORTING*

Op 7 Januarie 1896 het J. Percy Fitzpatrick, sekretaris van die *Reform Committee,* aan sir Hercules Robinson, die Britse Hoë Kommissaris op Pretoria, getelegrafeer :

*We have surrendered our arms unconditionally and have tendered delivery to local Govt. commission which has as yet no instructions from Govt. Pretoria. British agent is present as this wire is sent and is aware of contents.*[32]

Op dieselfde dag het die Britse Minister van Kolonies, sir Joseph Chamberlain, onder meer aan sir Hercules Robinson getelegrafeer :

*No overt act of hostility appears to have been committed by the Johannesburg people since the overthrow of Jameson. The statement that arms and ammunition are stored in that town in large quantities may be one of the many boasts without foundation . . . . . .*[33]

Die volgende dag het J. Percy Fitzpatrick aan komdt. Schutte geskryf :

*We have a large number of rifles stored at various places which we are now prepared to hand over as the Government may direct and await your instructions.*

Aan hierdie mededeling het die briefskrywer toegevoeg dat die depots deur vyftig lede van die *Africander Corps* bewaak word en dat die *Reform Committee* bereid is om, na ontvangs van instruksies van die regeringskommissie van Johannesburg, te ontwapen.[34]

Op dieselfde dag het maj. S. P. Erasmus aan die kommandant-generaal meegedeel dat hy 'n ondersoek op die *Irene Estate* ingestel en ses kaste dinamiet en drie gewere gevind het. In die stalle was 'n paar perde, in die veld 'n honderd koeie en, in 'n magasyn, vier nuwe saals.[35]

Op 8 Januarie 1896 het die Johannesburgse regeringskommissie die staatsekretaris versoek om opdrag te gee dat geen mans van die Witwatersrand sonder opdrag van die kommissie van die Randse trein of van die trein tussen Johannesburg en Pretoria gebruik maak nie.[36]

Twee dae later het die regeringskommissie telegrafies aan die regering meegedeel dat die afgelope nag twee-en-twintig persone gearresteer en om vieruur in die oggend na Pretoria gestuur is. Die telegram lui verder soos volg :

> *Alles is in rust en vrede en publiek gaan met hare werkzaamheden voort by het arrest was en geen bewys van verzet of tegenstand. Sommigen hebben zichzelven vrywillig opgegeven. Heden weer 17 voormannen der Rebellen gearresteerd. Sedert gisteren ontvangen 16 geweren en 2280 patronen. Wij hebben nu in handen 533 geweren en 25000 patronen.*[37]

Op dieselfde dag het mynkommissaris J. L. van der Merwe per brief aan komdt. Weilbach berig dat die opstandelinge 2 600 gewere en drie meksims oorhandig het en dat ses-en-veertig leiers van die opstandbeweging gevange geneem en na Pretoria gestuur is.[38]

Ten slotte is op 11 Januarie 1896 deur die regeringskommissie aan die staatsekretaris telegrafies meegedeel dat 818 gewere en volgens skatting 100 000 patrone in hande van die kommissie is en dat alles rustig was.[39]

## h. *SIR HERCULES ROBINSON, STAATSPRESIDENT KRUGER, GENL. J. H. DE LA REY*

Die rus het dus, na dae van spanning en onsekerheid, aan die Witwatersrand teruggekeer.

Op 28 April 1896 was sir Hercules Robinson onder meer van mening dat Staatspresident Kruger weier om beweerde griewe in verband met sekere binnelandse aangeleenthede te bespreek. Volgens die Hoë Kommissaris het die Staatspresident 'n moontlike hersiening van die konvensie van 1884 teengestaan en sou hy dit, indien nodig, op oorlog laat aankom.

Sir Hercules skrywe verder :

> *Her Majesty's Government have now, therefore, only the choice between making such refusal a casus belli, or contenting themselves with offering private suggestions as to the interests of British subjects in the Transvaal, which the President states he is willing at all times to receive and consider in a friendly spirit.*[40]

Voordat, aldus sir Hercules, dit Britse regering in verband hiermee besluit, wil hy daarop wys dat, in geval van vyandelikhede wat uit die Jameson-inval voortspruit, die Zuid-Afrikaansche Republiek openlik gehelp word deur die Oranje-Vrystaat. Tewens is daar in die Kaapkolonie en Natal 'n groot aantal Afrikaners wat, indien hulle ookal van openlike deelname afsien, met hul landgenote sal simpatiseer en hulle in die geheim sal help.

Toeligtend vervolg sir Hercules :

> *The feeling of the Dutch and Afrikander population throughout the British Colonies has undergone a complete change since Jameson's Raid, and they would now neither sympathise with nor support any forcible measures undertaken by the Imperial Government to secure the redress of the Uitlander grievance.*[41]

In geval van oorlog sou daar, aldus sir Hercules aan die Minister van Kolonies (J. Chamberlain), 30 000 man nodig wees. Indien oorlog uitbreek, dan moet daar tot 'n suksesvolle einde deurgedruk word :

> *even if the whole Empire were required, as any repetition of the peace under defeat policy of 1881 would result in the loss of our Colonies in South Africa.*[42]

Met betrekking tot die toekomstige bestuur „of a people, embittered by race hatred and torn asunder by internal dissensions" het hy voorspel dat 'n groot staande besettingsmag vir geslagte in Suid-Afrika op die been gehou moet word.

Op grond hiervan het sir Hercules sy minister dan ook die volgende raad gegee :

> *Our best course is to sit still and wait patiently to see what measures of redress the President will propose and how he deals with the Reform prisoners who have just pleaded guilty.*[43]

'n Paar weke later, op 4 Mei 1896, het Staatspresident Kruger in sy openingsrede by geleentheid van die aanvang van die Volksraadsitting getuig van sy strewe om, langs die mees vreedsame weg, die ontwikkeling van die republiek te bevorder.[44]

Jare later het genl. J. H. de la Rey hom, in sy herinnerings, soos volg uitgelaat :

> *Bij mij was het eene vaste oortuiging dat sedert de verraderlijke inval van Dr. Jameson in 1896 een oorlog in Zuid-Afrika voor de deur stond . . . . de ongelukkige inval van Dr. Jameson was toen een voorbereiding voor de twee Republieken waarin zij dan toen ook moesten beslissen dat indien de aanstaande oorlog met de machtige Engeland onvermydelyk was en waarom zy zich toen gereed moeten maken om zich krachtdadig te wapenen, en niet van hun recht afstand te doen met koude harten en slappe armen.*[45]

## *AANTEKENINGE*

1. Genoemde Groenboek, veral pp. 71-73.
2. In SP 91, waarin SPR 2947/96, dd 3.2.1896.
3. SP 91. Verklaring op 26.1.1896 voor vrederegter H. A. van Blommenstein afgelê.
4. In SP 93. Bevelvoerder : Kol. Rowland A. Bettington.
5. SP 101, waarin SPR 3092/96 (verklaring voor Rob. Ferguson, hoof speurpolisie, Johannesburg, afgelë).
6. SP 91, waarin SPR 2947/96. Gedeeltes van die verklaring is verwerk of aangehaal.
7. SP 99, waarin SPR 135/96.
8. Verklaring in SP 91.
9. *Groenboek ZAR*, nr. 2, 1896, p. 72.
10. In SP 95. Nr. 15 ontbreek.
11. In SP 93, (onder bewysstukke H2).
12. SSA 344, waarin twee telegramme van Stevens onder RA 1056/96.
13. SP 91, waarin SPR 1947/96 (verklaring afgelê 17.3.1896).
14. L.A. 629/1, pp. 120-121. Hieraan is toegevoeg : *Dan zullen zij het zoo aanhouden tot dat zij door de troepen die dan zullen in marcheeren versterkt worden. Vertrouwbare Gouvts amptenaren aldaar zullen zy behandelen volgens hunne wetten.*
15. SSA 344, waarin RA 1056/96.
16. SP 92, waarin „Notulen Commissie tot Verdediging der stad Johannesburg". SSA 344, waarin RA 1056/96. URB art. 912, 30.12.1895.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

17. SSA 343, waarin RA 1056/96.
18. Sien aantekening 15.
19. URB, art. 912, 30.12.1895.
20. SP 99, waarin SPR 135/96.
21. SP 91, waarin verklaring J. J. C. Leyds.
22. SP 93, waarin bewysstukke H1 en H2, SP 98, waarin SPR 2309/96. Aan die begin van Februarie 1896 het Trimble per trein in Kaapstad aangekom en was hy van plan om die volgende dag per skip te vertrek. Die staatsprokureur van die Z.A. Republiek het aan sy kollega in Kaapstad berig dat „wegens publiek geweld", 'n lasbrief teen T. uitgereik is (SP 99, waarin SPR 784/96).
23. SP 91, waarin verslag. Van der Poel, *op. cit.*, p. 120; J. G. Kotze, *Memoirs and Reminiscences* (Cape Town), dl. 2, pp. 241-245.
24. SP 91, waarin SPR 2947/96.
25. SP 92, waarin notuleboek regeringskommissie Johannesburg.
26. *Ibid.*, p. 57.
27. SP 91, waarin getuienis afgelê op 21.1.1896.
28. N. J. Hofmeyr, *op. cit.*, p. 275; SP 92, waarin telegram komdt. Schutte — K.G., 4.1.1896.
29. SP 92, waarin telegram komdt. Schutte — K.G., 4.1.1896. Sien ook Fitzpatrick, *op. cit.*, p. 106 (aanslag Pretoria).
30. KG — verslag oor 1896, p. 2.
31. J. H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902.* (Pretoria, 1969), dl. 1, p. 77 e.v.
32. In SP 92, waarin notuleboek regeringskommissie, Johannesburg.
33. FK 1, waarin CO 321. In dieselfde telegram is die H.K. aangeraai om Staatspresident Kruger te waarsku „that Germany's friendship, may be dictated by not entirely disinterested motives. The German claim to interfere has roused a strong feeling in this country, and such interference would meet with resistance at all costs. Moreover the President would find that the little finger of Germany is thicker than England's lions".
34. SP 92, waarin notuleboek van genoemde kommissie. In SP 97 lê 'n ongedateerde oproep van G. R. von Wielligh waarvan die inhoud soos volg lui: *„Africanders Arise!!! In regard to the present political situation it is urgently required that we Africanders organise ourselves into an association for preservation of life and property. Those desirous of taking part kindly leave a note at the Grand National Hotel Johannesburg. G. R. von Wielligh.*

    Die moontlikheid bestaan dat uit hierdie oproep die *Africanders Corps* voortgespruit het.
35. KG 61/1, waarin CR 563/96.
36. SP 92, waarin aantekening notuleboek van regimentskommissie.
37. SP 100, waarin R1088/96.
38. SP 92, waarin aantekening notuleboeke van regeringskommissie.
39. SP 100, waarin R1088/96.
40. FK 1, waarin CO 10658 (aan Minister van Kolonies).
41. *Ibid.*
42. *Ibid.*
43. *Ibid.*
44. E.V.R. Not., art. 10, 4.5.1896.
45. Ongepubliseer: Ter insae gekry van Staatshistorikus dr. J. H. Breytenbach.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# 3

# DIE REAKSIE OP DIE JAMESON-INVAL. DIE BOU VAN DIE FORT TE JOHANNESBURG.

## *INLEIDING*

Na die Jameson-inval het, met betrekking tot die militêre weerbaarheid van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 'n tydperk van reaksie begin. Nie alleen is verskeie militêre tekortkomings van die verlede uitgewis nie, maar terselfdertyd is alles in die werk gestel om die land en sy dienspligtige burgers op 'n grondslag van militêre gereedheid te plaas.

'n Onderdeel van hierdie beleid was die bou van 'n fort te Johannesburg.

In hierdie hoofstuk word bogenoemde beleidsverandering en die gevolge daarvan kortliks weergegee, terwyl daarna aandag aan die bou van die Johannesburgse fort gewy word.

## a. *TEKORTKOMINGS*

### i. *Gewere en Ammunisie*

Die Jameson-inval het 'n ontnugterende uitwerking op die weerbare burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek gehad. Hulle was, militêr beskou, ontoereikend toegerus. Baie van die opgekommandeerdes het sonder gewere en/of patrone opgedaag. Volgens die kommandant-generaal was nog geen derde gedeelte van die burgers in besit van goeie gewere nie.

Staatshistorikus J. H. Breytenbach het tot die gevolgtrekking gekom dat ruim 41% van die opgekommandeerde burgers oor geen gewere beskik het nie, terwyl die prentjie ten opsigte van al die dienspligtige burgers op dié tydstip net so somber was. Van die 24.238 burgers was 9.996 ongewapend, terwyl die origes (58,8%) met ou of verouderde vuurwapens toegerus was.[1]

Hierdie toestand kon, aldus laasgenoemde skrywer, die republiek sy onafhanklikheid gekos het, indien die Britse regering dr. Jameson sou gesteun het.[2]

Wanneer die feite wat met betrekking tot die woelinge in Johannesburg, en ten opsigte van die militêre gereedheid en die opgegaarde wapens en ammunisie, die moontlikheid van 'n gesamentlike militêre optrede deur die Johannesburgers en die troepe van dr. Jameson in Johannesburg en teen Pretoria in aanmerking geneem word, dan is dit 'n benouende vraag wat in der waarheid kon gebeur het.

### ii. *Geskut*

Met betrekking tot geskut het die Zuid-Afrikaansche Republiek voor die Jameson-inval oor 'n klein aantal kanonne beskik, t.w. een Krupp-kanon (80 mm), vier Krupp-bergkanonne (65 mm), een voorlaaier-houwitser (160 mm), een Oostenrykse kanon, een voorlaaier-bergkanon (37 mm), een mortier, een Martini-Henry-maxim op wiele en 'n paar Whitworth- en Armstrong-voorlaaierkanonne van uiteenlopende kaliber. In totaal was dit minder as twintig kanonne.[3]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

iii. *Die Staatsartillerie*

Volgens J. H. Breytenbach was die Transvaalse artilleriekorps, amptelik bekend as die *Staats-artillerie van de Zuid-Afrikaansche Republiek,* voor en tydens die Jameson-inval, klein en swak.[4]

iv. *Kritiek. Kentering*

Reeds voor die Jameson-inval is 'n kommissie deur die Eerste Volksraad benoem om, na aanleiding van memories wat in 1895 ontvang is, ondersoek in te stel na onreëlmatighede in verskillende magasyne waardeur tekorte in voorrade ontstaan het. Die kommissie sou ook die behoefte ten opsigte van verbetering in die bestaande toestand betreffende die aanwesige vuurwapens en ammunisie en die uitreiking hiervan nagaan.[5]

Hierdie kommissie het op 25 Mei 1896, m.a.w. na die Jameson-inval, sy bevindings gerapporteer en aanbeveel dat planne beraam moet word om, in oorleg met die kommandant-generaal, te sorg dat die bewapening en ammunisie aan die regmatige vereistes voldoen. Tewens is aanbeveel dat die regering persone (landdroste, vrederegters) moet aanwys wat ammunisie aan die burgers uitreik.[6]

Op 4 Julie 1896 het die Eerste Volksraad besluit dat, indien die finansiële toestand dit toelaat, elke veldkornet jaarliks 'n aantal patrone vir skietoefeninge aan sy dienspligtige burgers moet uitdeel.

Op 15 September van dieselfde jaar het die kommandant-generaal, wie se pos op 4 September 1896 deur die Eerste Volksraad van dié van Superintendent van Naturelle geskei is,[7] aan alle veldkornette opgedra om al die dienspligtige burgers in hul wyke van 'n geweer te voorsien. Indien 'n burger by dié geleentheid die vasgestelde prys van £5 sou betaal, dan sou die geweer sy eiendom wees. Betaal hy nie dadelik nie dan moet 'n verklaring opgestel word of 'n dienspligtige burger heeltemal onvermoënd is. Die regering sal dan verder besluit.[8]

In sy jaarverslag oor 1896 het die kommandant-generaal, met verwysing na sy verslag oor 1895, verklaar dat die bewapening van die burgers tot dusver „nog wel iets" te wense oorgelaat het, maar dat daar gedurende die afgelope verslagjaar veel gedoen is. Op grond hiervan het genl. Joubert dan ook verklaar „dat onze burgers bijna goed gewapend zijn of worden" danksy die geldelike steun wat hy (d.i. die kommandant-generaal) van die regering ontvang het.[9]

Die eintlike kentering ten opsigte van verdedigingsvraagstukke het intussen reeds aan die begin van 1896 gekom. Vir geen ander leidende persoon in die Zuid-Afrikaansche Republiek, aldus dr. J. A. Mouton, was die Jameson-inval 'n groter skok as vir genl. Joubert nie.[10]

Die inval was die aanleidende oorsaak vir die grootskaalse bewapening van die Zuid-Afrikaansche Republiek.[11]

v. *Bewapening*

In die eerste maande van 1896, maar veral in Januarie van dié jaar, het die Uitvoerende Raad van die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n aantal verstrekkende militêre besluite geneem, t.w. met betrekking tot:

Die aankoop van geskut en ammunisie (17.1.1896).[12]
Die bewapening van dienspligtige burgers (18.1.1896).[13]
Die aankoop van perde vir die Staatsartillerie (20.1.1896).[14]
Die aankoop van gewere en kanonne (21.1.1896).[15]
Die besteding van £48.000 vir kanon- en waenhuise (22.1.1896).[16]
Die aankoop van kanonne (27.1.1896).[17]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Op 24 Maart 1896 is 'n verslag met betrekking tot die verdediging van Pretoria ter tafel gelê en deur die Uitvoerende Raad besluit om, as eerste forte van 'n reeks, Fort Schanskop en Fort Wonderboompoort, naby Pretoria te laat bou.[18] 'n Week later het 'n raadsbesluit in verband met die vermeerdering van die sterkte van die korps Staatsartillerie tot 400 man gevolg, terwyl op 2 Julie 1896 besluit is om £65.000 vir die bou van 'n kruitmagasyn beskikbaar te stel.[19]

### vi. *Die bou van forte*

Uit bostaande gegewens word dit duidelik dat die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek in Maart 1896 besluit het om 'n tweetal forte naby Pretoria te bou.[20]

In die register van geheime Uitvoerende Raadsnotule en -besluite (1883-1900) van die Zuid-Afrikaansche Republiek, is o.m. onder 10 April 1896 melding gemaak van 'n voorskot van £1.000 in verband met die fortebou op Pretoria. Op 16 April 1896 is aangeteken dat besluit is om twee forte (Fort Schanskop, Fort Wonderboompoort) naby Pretoria te bou. Op 13 Junie 1896 en 6 Julie 1896 is weer voorskotte ten bedrae van £9.570 vir fortebou toegestaan. Ten behoewe van Fort Wonderboompoort en Fort Schanskop is op 3 Augustus 1896 voorskotte van £2.160 en £4.320 toegestaan. Van 4 September 1896 en 10 September 1896 dateer voorskotte van £10.287 en £33.500 terwyl op 6 Oktober 1896 magtiging aan die kommandant-generaal verleen is om 'n bedrag van £102.663 vir fortebou en elektriese verligting uit die *Nationale Bank* te trek.

## b. *FORTEBOU OP JOHANNESBURG*

### i. *Twee geheime Uitvoerende Raadsbesluite*

Geheime Uitvoerende Raadsbesluit nr. 58, gedateer 12 November 1896, lui soos volg :

> *Minute GR 1257/96 re bouwen van een fort te Johannesburg op Hospitaalheuvel.*

In aansluiting hierop is verder, in dieselfde verband vermeld :

> *No. 62. 24.11.96 Minute GR 1257/96. Benoeming van opzichter & boekhouder en ingenieur voor het te bouwen fort te Johannesburg.*[21]

In eersgenoemde aantekening in die geheime notule- en besluiteboek van die Uitvoerende Raad lê die oudste bekende aanknopingspunte in verband met die beoogde bou van 'n fort op Johannesburg.

### ii. *Gissings oor die fortebou op Johannesburg. Kapt. A. Schiel*

Sover bekend is, bly die verwysing met betrekking tot fortebou op Johannesburg soos vervat in die manifes van die „Transvaal National Union" van 27 Desember 1895, die oudste van sy soort. L. S. Amery, die samesteller van die bekende „The Times History of the War in South Africa" het bogenoemde vermelding as 'n feit aanvaar.[22]

'n Maand na die uitreiking van bogenoemde manifes het die Britse resident te Johannesburg, vanaf Charlestown, Natal, aan minister Chamberlain getelegrafeer dat 'n oorheersende fortterrein, met behulp van 'n Duitse deskundige deur die Uitvoerende Raad uitgesoek is „to enforce more rigorous rule . . . . . ."[23]

Op 3 Maart 1896 het sir Hercules Robinson aan dieselfde minister getelegrafeer dat die Britse agent, sir Jacobus de Wet verklaar het dat die Staatspresident aan hom meegedeel het dat die regering reeds geruime tyd van plan was om 'n fort op Pretoria te bou. Hierdie militêre bouwerk sou vir die huisvesting van Staats-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

artilleriste en die bewaring van wapens en ammunisie dien. In dieselfde telegram is verder vermeld : „A fort is not contemplated at Johannesburg . . . . . ."[24]

Op 7 Junie 1896 het die Duitse konsul-generaal, Von Herff, in 'n skrywe aan die Minister van Buitelandse Sake onder meer, met verwysing na 'n vroeëre skrywe van 28 Maart 1896, wel vermeld dat die Transvaalse regering die fortebou bespoedig en dat ammunisie in Duitsland gekoop is en word, maar niks in verband met moontlike boubedrywighede op Johannesburg vermeld nie.[25]

Terwyl daar uit bostaande vermeldings allerlei afleidings gemaak kan word, bestaan daar ook 'n aantal gegewens met betrekking tot die latere lt.-kol. A. Schiel wat in 1894 Bantoe-kommissaris in Soutpansberg was en in 1895 onder bevel van die kommandant-generaal aan die krygsverrigtings teen Magoeba deelgeneem het.[26] In 1896 was kapt. Schiel Hoof van Gevangeniswese in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Hy het op 8 April 1896 aan die kommandant-generaal geskryf dat hy verneem dat die regering besluit het om forte rondom Pretoria te bou. In dié verband meen hy dat die regering ook aan burgers en oud-offisiere van die land geleentheid moet bied om hul voorstelle in te dien. Schiel vra dat hy graag van die regering wil verneem op watter wyse die bevestiging van Pretoria sal geskied en gee die versekering dat hy korrespondensie of onderhandelinge in dié verband as vertroulik en geheim sal beskou. Op 16 April 1896 het die kommissie (vermoedelik die goewermentskommissie in verband met die fortebou) die voorstel behandel en 'n beslissing uitgestel, terwyl twaalf dae later aangeteken is dat aan kapt. Schiel geskryf is dat die voorstel oorweeg word.[27]

Aangesien dokumente nie meer lig op dié aangeleentheid werp nie, is dit onduidelik of kapt. Schiel se voorstel uitsluitend betrekking op die moontlike aandeel van burgers en oud-offisiere op die fortebeplanning gehad het, of dat hy planne in dié verband voorgelê het.

In laasgenoemde verbande kan allereers na 'n uitspraak van lt.-kol. S. P. E. Trichardt, kommandant van die korps Staatsartillerie verwys word wat na 1900, in sy herinneringe, na Kapt. Schiel verwys het as dié persoon in wie se brein die gedagte opgekom het om 'n fort op Johannesburg te bou.[28]

'n Belangrike bewysstuk is die verslag van die Hoof van Gevangeniswese (A. Schiel) oor 1896, waarin die volgende besonderhede voorkom :

> *De HEd. Regeering heeft mij opgedragen, te zamen met het Hoofd van Publieke Werken, zekere werkzaamheden te Johannesburg te verrichten voor veiligheid van de gevangenis aldaar en andere doeleinden.*[29]

Hieruit blyk dat Schiel by die bou van die fort betrokke was, terwyl uit 'n Volksraadsbespreking op 3 Junie 1897 blyk dat die regering kapt. Schiel se voorstel aangeneem het om die gevangenis met vestingwerke te omsluit.[30] Tewens het, soos uit dieselfde notule afgelei kan word, die regering aan kapt. Schiel en die Hoof van Openbare Werke (S. Wierda) opgedra om gesamentlik dié werksaamhede uit te voer.

In laasgenoemde verband kan genoem word dat 'n spesiale boukommissie, bestaande uit die kommandant-generaal as voorsitter, S. W. Burger, L.U.R., S. Wierda en A. Schiel (lede) in die lewe geroep is om die bou van die fort te reël. Die geldelike beheer was aan die Hoof van Openbare Werke (S. Wierda) en die uitvoering aan kapt. A. Schiel opgedra terwyl ing. G. H. van Winsen sowel as adviseur en, later, as sekretaris van die spesiale boukommissie opgetree het.[31]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

### iii. *Die bou van die Johannesburgse fort begin*

Hier en daar is, in bostaande uiteensetting, reeds na die doel of beweerde doel van die fortebou op Johannesburg verwys. In 1899 het Schiel die eintlike doel soos volg omskrywe:

> *Het doel van het fort is om de stadt en voornamelijk de mijnen onder bedwang te houden.*[32]

Dit was dus meer as Schiel se doelstelling soos hy dit in sy verslag oor 1896 geformuleer het, naamlik

> *voor veiligheid van de gevangenis aldaar en andere doeleinden.*

Die bekende skrywer P. A. Nierstrasz het verklaar dat die later voltooide fort eintlik 'n versterkte polisiekaserne was wat terselfdertyd as 'n tronk gebruik is, hoofsaaklik deur die regering gebou was in verband met Uitlanderonluste en sowel die spoorlyn van Elandsfontein (Germiston) na Krugersdorp as die pad na Pretoria beheers het.

Die fort, so vervolg bogenoemde skrywer, was nie soseer van strategiese waarde nie, maar meer 'n dwangkasteel, m.a.w. 'n versterking om Johannesburg in bedwang te hou.[33]

In die Transvaalse Argiefbewaarplek is 'n aantal tekeninge van die Johannesburgse fort wat, soos Nierstrasz tereg verklaar het, 'n versterking rondom die bestaande gevangenis was. Die grondplan van die geheel is 'n langwerpige reghoek met, aan die twee teenoorgestelde hoeke (N.O., S.W.), bastions wat as kanonstellings gedien het.[34]

Op Maandag 7 September 1897 het die werksaamhede met betrekking tot die fortterrein begin. In die amptelike werkverslag nr. 1. is onder meer vermeld dat eers spore gelê is om grond te kan vervoer. Die enkelspoor, sowel as die dubbelspoor was 1 500 voet lank. Tot 9 Desember 1896 is 33 200 kubieke voet grond uitgegrawe en 1 170 kubieke voet klip geklop. Vanaf 9-12 Desember is, met 'n totaal van 5 082 werksure 46 255 kubieke voet grond uitgegrawe en gedurende 1 160 werksure 770 kubieke voet klip geklop. Vir hierdie werk is gevangenes gebruik wat 0630h - 1130h en van 1300h - 1730h gewerk het. Die werksure van skrynwerkers was van 0730h - 1200h en van 1300h - 1730h per dag. Op 12 Desember 1896 was die werksaamhede sover gevorder dat met die kasemat, met ander woorde die bomvrye onderaardse verblyfplek vir die fortbemanning, begin kon word.[35]

In die loop van die week van 23 Januarie tot 31 Januarie 1897 het die betonfondasie van die kasemat gereed gekom. Twee kelderruimtes is uitgegrawe en daar is begin om die fondasie van die twee bastions te lê. Op 17 Desember 1896 het die Hoof van Openbare Werke versoek dat ses lede van die ZAR Polisie as wagte op die fortterrein beskikbaar gestel word en op 7 Januarie 1897 het die Johannesburgse kommissaris van polisie, komdt. G. M. van Dam, besluit om, aangesien die fortterrein groot was, agtien lede van die berede polisie ter beskikking van die terreinopsigter te stel.[36]

Op 20 Desember 1896 het kapt. Schiel berig dat die masjien om die koekepanne vir grondvervoer te trek byna gereed was en dat hy twee-en-dertig koekepanne gekoop het.[37]

Gemiddeld was daar 260 gevangenes in diens wat gedurende die winter twee uur per dag minder gewerk het as in die somer. Grond is aan die voet van Hospitaalheuwel in koekepanne gelaai en die reeds genoemde masjien het vier vol koekepanne op 'n slag opgetrek, terwyl terselfdertyd vier leë koekepanne na die voet van

die heuwel afgegaan het. Die gevangenisterrein is ongeveer sestien voet opgehoog. Die totale hoeveelheid grond wat op dié wyse op die terrein aangebring is, het 392.608 kubieke voet bedra. Aan die agterkant van die bestaande tronk is 'n fortwal van 400 voet lengte en sestien voet hoogte gemaak.

Tot 10 April 1897 was gevangenes bedrywig om klip vir beton te klop. Hulle het nie voldoende vordering gemaak nie en daarna is 'n stoom-klipbreker aangeskaf. 'n Masjinis-werktuigkundige het toesig oor hierdie werksaamhede gehou en daar is ook vir nagbediening van die klipbreker voorsiening gemaak. Die klip is aan die voet van Hospitaalheuwel met dinamiet losgewoel en met muilwaens na die klipbreker vervoer.

Op 5 Julie 1897 was die kasemat van 110 voet lengte, bevattende vier kamers vir manskappe, 'n magasyn, 'n projektielmagasyn en twee bastions met gange, byna gereed. Onder die eerste drie kamers was kelders wat vir die bewaring van water gebruik kon word. Die betonwerksaamhede in verband met die kasematkompleks het op 2 Januarie 1897 begin en tot op eersgenoemde datum was 65 208 kubieke voet beton verwerk.

Op dié tydstip was die totale uitgawes ruim £15 645. Die volgende bedrae was uitgegee in verband met materiaalaankope wat goewermentseiendom sou bly: Spoorwegmateriaal, ruim £796; steiers, £350; 'n masjien met 'n ketel, ruim £723; 'n ketelhuis, £50; 'n tenk met 'n waterslang, £63; 'n smidswinkel, £15; 'n geboutjie vir die stoom-klipbreker, £60; 'n kamer, ruim £59; 'n stal, ruim £215, 'n afdak vir beton, £96; en twee tenks, £196. Tewens is £96 vir sementpype betaal, terwyl die pypmaker ongeveer £100 aan loon ontvang het.

iv. *Dit totale uitgawes op 5 Julie 1897*

Die totale uitgawe in verband met die bou van die fort was op 5 Julie 1897 £14 397-1-3, waarvan £1 940 teruggetrek kon word. Die eintlike koste het dus £12 457-1-3 bedra, terwyl bereken is dat vir sement en kalk nog £3 800, vir rame e.d.m. £60, vir yster £120, vir lone £690, vir steenkool £200 en, in die vorm van onvoorsiene uitgawes, nog £5 543 benodig sou wees. Saam met die reeds genoemde uitgawes sou die groottotaal ongeveer £18 000 bedra. Kapt. Schiel en Van Winsen het hul verslag, op grond van bogenoemde berekening, dan ook met die volgende gedagte afgesluit:

> *De conclusie uit bovenstaande is: dat de werkelijke kosten van het fort de £20000 niet zullen overschrijden.*[38]

Aan die werkverslag oor die week van 20 Maart tot 27 Maart 1897 is die volgende besonderhede ontleen: Fondering stal en waenhuis gelê, opgehaalde grond: 1 416 koekepanne; grond gegrawe: 63 500 kubieke voet, klip geklop: 1 000 kubieke voet; beton gestort: 1 260 kubieke voet.[39]

v. *Vordering word gerapporteer. Die kostevraagstuk.*

Op 23 Mei 1897 het kapt. Schiel aan die staatsekretaris (afd. kabinet) meegedeel dat die noordelike wal, die noordoostelike bastion, die argiefkamers, die onderaardse gange, die oostelike kasematte en die oostelike wal van die fort teen die einde van Junie gereed sal wees. Hy het verder meegedeel dat die fondament op die hoogste punt drie voet en by die oostelike kasemat drie-en-twintig voet hoog sal wees.[40]

In die werkverslag tot 21 Junie 1897 is verklaar dat daar gemiddeld 260 gevangenes op die terrein werksaam is. Reën in die somer het die werk vertraag, terwyl sand van die Jukskeirivier gehaal moes word. Verder is verklaar dat die fort uit twee bastions, „ieder voor een stuk geschut", moet bestaan, dat die bastions deur walle

verbind moet word en dat daar geriewe vir die huisvesting van ongeveer 100 man en vir berging van lewensmiddele en ammunisie moet kom. Dan moet daar 'n „gedekte ruimte" vir berging van „Gouvernements- en bankwaarden" gebou word. Die walle moet ingerig word vir geweerstellings, die vuurlyn moet op drie-en-twintig voet hoogte lê, terwyl die kanonstelling se vloerhoogte sestien voet en ses duim hoog moet lê. Ook is voorgeskrywe dat daar 'n poort in die fortwal moet kom, dat die fort die bestaande tronk moet omsluit en dat die geskut- en geweerstellings onder meer die pad wat na Hospitaalheuwel lei, moet bestryk.[41]

Op 5 Julie het Wierda aangeteken dat tot en met genoemde datum ruim £10 262 van die verstrekte bouvoorskot van £13 000 verantwoord is.[42]

'n Maand later het die Hoof van Openbare Werke (Wierda) aan raadgewende ingenieur-sekretaris (G. H. van Winsen) geskrywe :

> *De begrooting die Schiel maakte van het fort £15000 is nu reeds verbruikt en vreest de generaal dat het fort op deze wijze meer zal kosten dan de andere forten.*[43]

Op Johannesburg het die werksaamhede voortgegaan. Leweransiers soos Lloyd en Lloyd het pype gelewer, glas is aangekoop van die firma Bellgrove en Snell en Ernest Kohler het tabak vir die werkers gelewer. Pompe is gekoop van die firma E. W. Tarry en Kie. Steenkool is gelewer deur H. Lewis, die firma Solomon en Bradley, en die firma Leviton en Kantor. Kalk is verstrek deur „The Douglas Lime and Brick Co.", en die firma Hansen, Schrader en Kie., terwyl spykers en hout van die firma W. P. Brown en Kie. aangekoop is.[44]

In September is 400 sak sement deur die „First Cement Factory, Ltd.", (Pretoria) teen 20/- per sak by die fort afgelewer, terwyl M.C.A. Meischke in Oktober 1897 onder meer 100 vate sement teen 56/6 per vat, 'n vat spykers, en in Augustus 'n kas dinamiet, 100 pikstele en 150 sak kalk (teen 5/6 per sak) gelewer het.[45]

In Oktober 1897 is, in die vorm van salarisse, aan die vaste personeellede G. H. van Winsen (adviserende ingenieur, sekretaris), J. B. Greeve (masjinis-werktuigkundige), G. von Horn (opsigter) en F. Moore (masjinis) onderskeidelik £45, £40, £30 en £30 per maand betaal.[46]

Van 2 tot 9 Oktober 1897 is aan sewe skrynwerkers en 'n smid, wat elkeen gemiddeld sewe-en-vyftig uur per week gewerk het, in totaal £56-11-6 aan lone betaal. Die smid het £1 per dag verdien, terwyl die skrynwerkers op 'n uurloon van 2/6 gestaan het.[47]

Op 8 Desember 1897 het die kommandant-generaal die begroting van die Johannesburgse fortkommandant ter oorweging aan die regering gestuur en, in dieselfde skrywe, verklaar dat hy hom nie met die voorgestelde werke (forte) wat nog nie deur die regering goedgekeur is nie, kan verenig nie.[48]

Met hierdie gedagte van genl. Joubert het, ten opsigte van die fortebou-program in Transvaal, die jaar 1897 ten einde geloop. Die Johannesburgse fort sou nog skatte verslind.

vi. *'n Fortkommandant aangestel. Die wagkommando*

Terwyl die boubedrywighede aan die Johannesburgse fort aan die gang was, is die hoof van die republiek se gevangeniswese, Adolf Schiel, in die rang van kaptein as fortkommandant aangestel.[49]

Voordat dié aanstelling op 21 Junie 1897 van krag geword het, het die rang van die toekomstige bevelhebber in die Eerste Volksraad ter sprake gekom. Schiel

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

het, in sy jaarverslag oor 1896 verklaar dat hy verwag het dat die regering hom, behalwe dat hy as 'n lid van die spesiale boukommissie benoem is, ook met die militêre beheer oor die fort in tye van oorlog of onluste sou belas.

Om te voorkom dat 'n offisier met 'n hoër rang hom die bevelvoering sou kan ontneem, het kapt. Schiel 'n rangverhoging bepleit. Die Staatspresident het hierdie versoek geweier omdat hy wrywings tussen hom en die offisiere van die korps Staatsartillerie verwag het.[50]

Kapt. Schiel het na 'n kolonelsrang gestrewe en die kommandant-generaal het sy versoek, met 'n persoonlike aanbeveling aan die Uitvoerende Raad voorgelê. Die regering het anders besluit en Schiel, in die rang van kaptein, as fortkommandant aangestel.

Hierdie verduideliking van die Staatspresident in die Eerste Volksraad[51] het, ten spyte van die Staatspresident se strewe om nie met die offisiere van die korps Staatsartillerie oor die aanstelling in botsing te kom nie, tog 'n nadraai gehad.

Op 12 Oktober 1896 het die kommandant van die korps Staatsartillerie en sy mede-offisiere skriftelik by die Staatspresident en die Uitvoerende Raad teen die aanstelling van die hoof van gevangeniswese, A. Schiel, as adjudant en militêre inspekteur geprotesteer. Hulle het aangevoer dat dié aanstelling in stryd is met art. 103 van Wet nr. 1. van 1896 (Staatsartillerie) wat bepaal dat die kommandant-generaal bovermelde werksaamhede moet verrig. Indien die Staatspresident 'n persoon wil aanstel om dié werksaamhede te verrig dan moet die bekleër van so 'n pos iemand wees wat algemeen geag en wetenskaplik opgelei is. Hulle sal nie graag sien nie dat die Staatsartillerie se uniform, wat tans deur die volk gerespekteer word, deur kapt. Schiel gedra word. Met dié versoek aan die Staatspresident en die Uitvoerende Raad om die aanstelling van kapt. Schiel nie te bekragtig nie, eindig die opstellers van hierdie skrywe hul vertoog.[52] Kapt. Schiel is in sy pos gehandhaaf en het in April 1897 nog voorgestel om die fort van proviand te voorsien vir 'n besetting van 100 man. Op 17 Mei 1897 het die Uitvoerende Raad versoek dat vir voldoende proviandering gesorg moet word.[53]

In Junie van dieselfde jaar het kapt. Schiel, na aanleiding van die feit dat die Pretoriase forte deur maatskappye gebou word, die voordele van die uitvoering van die Johannesburgse militêre projek soos volg opgesom: Die werkers is tydelik, teen 'n geringe besoldiging, aangestel, die materiaal word per tender aangevra, die kontrakwerk word deur gevangenes verrig en die benodigde karre en muile is goewermentseiendom.[54] Die jaar 1897 het ook die verskyning van 'n wagkommando by die fort meegebring. In Oktober 1897 is aan onderoffisier C. Girnus en kommandolede C. J. Vermaak, W. J. Lottering, J. Busemann, R. Brits, G. O. O. Dysel, A. O. Jacobs, C. P. Oberholzer, S. Griesel en M. H. Pretorius elkeen 'n vergoeding van £15 per maand vir hul dienste betaal.[55]

Op 12 Julie 1898 het die fortkommandant aangeteken dat die wagkommando nog uit drie persone bestaan en dat die ander lede ontslaan was. Hy het verdere opdragte van die regering in verband met die oorname van bogenoemdes deur die fortbesetting ingewag.[56]

Op die betaalstaat van Augustus 1898 het, as lede van die fort se wagkommando, sers. W. J. Lottering, sers. A. J. Jacobs en manskap Anton Schiel voorgekom. Elkeen van hulle het £15 per maand ontvang.[57]

### vii. *Die boubedrywighede tot 23 Desember 1898*

Intussen het die boubedrywighede by die fort voortgegaan. In Januarie 1898 is 'n rekening vir 440 sak sement ontvang,[58] in April is 150 vragte sand teen 4/- per vrag deur R. Hueber, Fordsburg, afgelewer,[59] terwyl op 1 April die rekening van £280 vir vier staaldeure, vervaardig deur die plaaslike firma Tangyes, ontvang is.[60]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Na aanleiding van 'n versoek van die kommandant-generaal het die fortkommandant om en by 20 April 1898 gerapporteer dat die oostekant van die fort gereed is, dat die noordekant se grondwal nog die voorgeskrewe helling moet kry en dat die geboue aan die westekant voltooi en die grootste deel van die benodigde grond vir dié deel aangevoer is. Die bastion aan die noordoostelike kant van die fort het gereed gekom en, in geval van 'n aanval, sou die fort in 'n weerbare toestand verkeer.[61]

Op 26 Augustus 1898 het die Hoof van Openbare Werke (S. Wierda) 'n versoek van die sekretaris van die spesiale boukommissie aan die sekretaris van die Uitvoerende Raad deurgestuur om 'n voorskot van £6 000 „ter voltooiing van het fort te Johannesburg" te ontvang,[62] terwyl fortkommandant Schiel op 6 September 1898 versoek het om voorlopig £500 van 'n toegestane bedrag van £1 500 in verband met die bou van die fort te mag ontvang.[63]

Uit 'n skrywe van 14 September 1898 wat deur fortkommandant Schiel aan Wierda gerig is, blyk dat tot op genoemde datum 'n totale bedrag van £30 177-1-7 in verband met die bou van die Johannesburgse fort ontvang was. In hierdie brief verwys die fortkommandant na die verwyte wat hy in die Volksraad moes hoor „dat het Johannesburg fort reeds zoo veel geld kost als de Pretoria forten". Hy versoek, na aanleiding van dié ontevredenheid, dat Wierda na die Uitvoerende Raad gaan om te verklaar dat bogenoemde bedrag 'n aantal uitgawes insluit wat onder geen omstandighede tot die koste van die fort gereken mag word nie. Hierdie uitgawes is die volgende: Salarisse van die wagkommando (ruim £2 390), uniforms (ruim £327), meubels (£69), die riolering van die tronk (£200). Dan vestig die fortkommandant die aandag van die Hoof van Openbare Werke op die masjinerie (£1 800), die muile (£250), karre en tuie (£298) wat in departementele besit is en in totaal 'n bedrag van £2 348 verteenwoordig.[64]

Op 19 September 1898 het die Uitvoerende Raad besluit om, in verband met die voltooiing van die Johannesburgse fort, 'n voorskot van £6 000 te verstrek.[65] Die fort se kombuis het op 23 Desember 1898 so ver gereed gekom dat die manskappe van die besetting wat tot op dié datum nog maaltye in koshuise en by familielede ontvang het, in die fort kon eet.[66]

*AANTEKENINGE*

1. J. A. Mouton, „Genl. Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* jg. 20, deel 1, p. 220 e.v. (bewapening).
2. J. H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902,* (Pretoria, 1969), deel I, p. 77.
3. *Ibid.,* p. 85 e.v.
4. *Ibid.,* p. 53 e.v.
5. E.V.R.B. art. 993, 24, 8, 1895. Sien ook: E.V.R.Not. 4.5.1896.
6. E.V.R.Not. art. 25, 5.5.1896.
7. *Ibid.,* art. 1358, 4.9.1896.
8. KG 66/3, waarin CR 2087/96, 15.9.1896.

(6–8:) Sien ook E.V.R. art. 1162, 10.8.1896.

9. Gedrukte jaarverslag (1896), p. 3.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

10. T.a.p., p. 212.
11. *Ibid.*, p. 213.
12. URB. art. 13.
13. *Ibid.*,art. 14.
14. *Ibid.*, art. 15.
15. *Ibid.*, art. 16.
16. *Ibid.*, art. 23.
17. *Ibid.*, art.56.
18. *Ibid.*, art. 284. Sien J. Ploeger, bygestaan deur maj. (nou kol.) H. J. Botha, *Die fortifikasie van Pretoria,* (Pretoria, 1968), p. 11 e.v. Oor geweer- en kanonaankope : Breytenbach, *op. cit.*, p. 77 e.v.; Mouton, *op. cit.*, p. 222 e.v.
19. U.R.B., art. 243; *ibid.*, art. 547.
20. Vgl. die „Transvaal National Union Manifesto", van 27.12.1896, waarin verklaar is : *We now have the policy of force revealed to us. £250,000 is to be spent upon the completing of a fort at Pretoria. £100,000 is to be spent upon a fort to terrorize the inhabitants of Johannesburg . . . .* Sien „The Star", 28.12.1895, E. T. Cook, *Rights and wrongs of the Transvaal War, London,* 1901. Ook L. S. Amery, *The Times History of the War in South Africa,* deel I, p. 147.
21. *Leyds-Argief* 683/684, waarin verder, in verband met die fort op Johannesburg, geheime besluite nr. 5, 21.1.1897; nr. 26, 1.4.1897; nr. 31, 23.4.1897, en nr. 14, 30.6.1898, nr. 26, 17.10.1898; en nr. 19, 3.5.1899, voorkom.
22. Deel 1, p. 147.
23. C-7933, pp. 78-79.
24. FK 14, waarin CO 4730.
25. Auswärtiges Amt. Abtheilung A. Akten Südafrika (Afrika. Generalia), in Tvl. Argiefbewaarplek, mikrofilm A625. In hierdie skrywe is verder vermeld dat die oë van die Transvaalse regering, as gevolg van die Jameson-inval, oopgegaan het. Met die besef dat Rhodes vroeër of later weer sal probeer om die republiek te oorweldig, word daar uit alle mag aan die militêre versterking van die land gewerk.
26. Mouton, *op. cit.*, p. 153.
27. S.S. Band 5329, waarin CR 2898/96.
28. Prellerversameling, band 14, p. 122. Dié gedeelte, in kapt. T. Kroon se handskrif, lui soos volg : *Nog dwazer, was de bouw, in het brein van het „Hoofd van gevangenissen" opgekomen, om een fort in Johannesburg te bouwen, om de gevangenis aldaar, (zeker om de brave gevangenen aldaar beter te kunnen beschermen).*
29. E.V.R.Not., art. 235, 3.6.1897.
30. *Ibid.*, art., 237, 3.6.1897.
31. M. van Niekerk, *Adolf Schiel en die Duitse Kommando.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, (Pretoria, 1949), p. 33.
32. 55 634, deel 1, waarin CR 3178/99, later gemerk GR 544/99.
33. Deel 5, p. 416a.
34. O.m. S 3/1161, afgebeeld teenoor p. 14 van die publikasie, *Die Fortifikasie van Pretoria Fort Klapperkop. Gister en vandag,* S 3/2067 (kanon).
35. SS Band 6165, waarin werkverslag R 4106/97 e.v.
36. SPR 882, waarin GCP 262/96.
37. SS 6165, pp. 14-15. S. skrywe in dieselfde brief : *Het contract voor het Bocksburg ford legt ook in het boek.*
38. SS 6171, waarin R 1464 (deel xi).
39. *Ibid.*, waarin R 1461/97 (deel v).
40. KG 196/1, waarin GR 96/97.
41. KG 196/1, waarin GR 1216/97.
42. SS 6171, waarin R 1464/97, waarby CR 661/97 (deel xi).
43. PW 364 (Konf. briewekopieboek).
44. SS 6168, waarin R 1464/97 (deel viii); SS 6166.
45. R 1464/97 (deel viii).
46. *Ibid.*, nr. 16.
47. SS 6168, waarin R 1464/97 (deel viii). Skrynwerkers : C. Prins, J. C. Petersen, D. Rusticus, K. Boon, Gladow, R. Bertram, Wild. Smid : Joseph Birkett.
48. KG 103/2, waarin CR 4462/97.
49. Van Niekerk, *op cit.*, p. 33.
50. EVR Not., art. 235, 3.6.1897; *ibid.*, art. 244, 4.6.1897.
51. *Ibid.*, art. 237, 3.6.1897.
52. SS 5812, waarin R 14054/96.
53. KG 94/2, waarin CR 2163/97.
54. EVR not., art. 237, 3.6.1897.

55. SS 6168, waarin R 1464/97 (deel viii).
56. PW 149, waarin CR 3440/98.
57. SS 6170, waarin R 1464/97 (deel x). Op 3.5.1898 het fortkommandant Schiel, ten behoewe van wagman Anton Schiel, die volgende bestelling by die firma Johnston en Kie., Pretoria, geplaas: *twee uniformen, een pet, een winterjas, twee paar topbootsen, twee hemden, twee paar kouzen.* (SS 6169, waarin R 1461/97 (deel ix), nr. 147.
58. SS 6162, waarin R 4106/97 (p. 129).
59. *Ibid.*, p. 147.
60. SS 6169, waarin R 1461/97 (deel ix).
61. KG 119/1, waarin CR 1912/98.
62. LA 645, waarin GR 944/98.
63. LA 645, waarin GR 958 by GR 736/98.
64. SS 6172, waarin R 1464/97 (deel xii).
65. URB, art. 888, 19.9.1898.
66. KG 137/2, waarin CR 7266/98.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# 4

# DIE BEWAPENING, BEWAKING EN VOLTOOIING VAN DIE FORT

## a. *DIE BEWAPENING*

### i. *Kanonne en ammunisie gestuur*

Gedurende die eerste helfte van Februarie 1898 het die kommandant-generaal aan die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n versoek in verband met die bewapening van die fort te Johannesburg gestuur.[1] Die inhoud van hierdie skrywe is nie bekend nie, maar op 15 Februarie berig fortkommandant Schiel dat hy van die offisier van bewapening (Pretoria) die volgende hoeveelhede ammunisie ontvang het: Vir die 75 mm Maxim Nordenfeldt—400 granate, vyf-en-sewentig granaatkartetse en vyf-en-twintig kartetse; vir die maxims 5 000 patrone en vier bande.[2] 'n Dag later is die ontvangs van 400 ystergranate, 100 granaatkartetse, 100 tydbuise, vyf vate kruit, vyf vate kardoese, 400 skokbuise en ander benodigdhede vir 'n 120 mm-Kruppkanon, en 6 000 patrone vir die .303 maxim deur die kommandant erken.[3] Op 18 Februarie 1898 het die reeds genoemde offisier van bewapening (Staatsartillerie) gerapporteer dat een veldhouwitser (120 mm., met voorwa), een Maxim Nordenfeldt (75 mm, met voorwa), een Maxim Nordenfeldt (37 mm, met voorwa), twee maksims model nr. 2 (.303), 1 980 37 mm-granate (in kaste) en 300 37 mm-granate (in die voorwa) aan die fortkommandant afgelewer is.[4] Dié geskut en ammunisie is deur nege Staatsartilleriste van Pretoria na Johannesburg oorgebring en hul verblyfkoste is deur die fortkommandant in rekening gebring.[5]

Sowel in Maart as in April 1898 het die fortkommandant die kommandant-generaal versoek om nog meer geskut, naamlik „eene kleine Maxim en voor de Zuid West Caboniere een der Krupp'sche bergkanonen. De laatste alleen met kartetschen", te stuur.[6]

Alles was nie pluis met die kanonne wat na die fort gestuur is nie, want op 7 April 1898 het lt. M. J. de Jager, van die Staatsartillerie, gerapporteer dat hy — as bevelvoerende offisier oor die artillerie in die fort — met moeilikhede te kampe het. Allereers wens die fortkommandant dat lt. De Jager hom nie met die geskut moet bemoei nie en verder rapporteer die luitenant dat die geskut wat na die fort vervoer is, in 'n huis buitekant die fort staan. Weliswaar word die kanonne deur artilleriste bewaak, maar die luitenant vra homself af hoe dit met die geskut sal gaan indien daar 'n aanslag op die fort gepleeg word. Trouens, so verklaar hy, die kanonne kan eers oor 'n paar maande opgestel word en hulle is nou van geen nut nie.[7] Fortkommandant Schiel het in Augustus 1898 gevra of hy nie „een der oude voorlaad of achterlaad veldkanonnen" kan ontvang nie. Aan hierdie versoek kon nie voldoen word nie omdat die Staatsartillerie slegs oor een negeponder Armstrong-voorlaaier in die Artilleriekamp op Pretoria beskik het. Omdat hierdie kanon, aldus maj. P. E. Erasmus, gebruik is om „saluten mede te vuuren", kon nie aan die versoek voldoen word nie.[8]

### ii. *Die toestand in Januarie 1899*

Volgens 'n opgaaf van Januarie 1899 het die fort oor die volgende geskut, gewere en ammunisie beskik: Een 155 mm houwitser, met 100 gietystergranate en twintig kartetse; een 120 mm Krupp-houwitser, met 200 gietystergranate; 100 granaat-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

kartetse en 200 staalgranate; een 75 mm Maxim Nordenfeldt, met 400 gietystergranate, vyf-en-sewentig granaatkartetse en vyf-en-twintig kartetse; een 37 mm maxim, twee maxims (M.H.-kaliber), twee maxims (.303), twee Mauserkarabyne, 19 517 patrone, 195 Mausers, met 49 995 patrone; sewe rewolwers, met 1 245 patrone, en 'n bergkanon met veertig kartetse bestaan.[9]

Op 13 Mei 1899 is 'n verdere twee Maxim Nordenfeldts en ammunisie van Pretoria per trein na Johannesburg oorgebring.

Op 7 Junie 1899 het Grunberg en Leon, verteenwoordigers van die firma Schneider, van Le Creusot, aangebied om die messelwerk ten behoewe van die fondasie van twee 15 cm snelvuurkanonne vir £750 uit te voer.[10] Ses dae later is magtiging verleen om dié werk aan die fort uit te voer en in Augustus 1899 is die rekening vereffen.[11]

iii. *Die inspeksie van Mei 1899*

Voordat hierdie rekening betaal is, het maj. P. E. Erasmus, van die korps Staatsartillerie, op 23 Julie 1899 die fort en sy voorrade geïnspekteer en die volgende kanonne in sy verslag vermeld : Drie Maxim Nordenfeldts (75 mm), een houwitser (12 cm, Krupp), een ou houwitser (15 cm), een maxim (37 mm), een bergkanon 60 mm, Krupp), twee M.H.-maxims en twee .303 Lee Metford-maxims. Daar was 598 Mausers, twee karabyne, vyf-en-vyftig ou Lee Metford-gewere (waarvan $\frac{1}{3}$ bruikbaar) en vyftig bajonette aanwesig. Die fort se besetting het oor 107 124 Mauser-patrone, nege rewolwers, 1 730 rewolwerpatrone, 2 888 Lee Metford-patrone, 200 Mauser-patroonbande, vyf-en-veertig Lee Metford-patroonbande, 100 pond growwe kanonkruit en 'n groot voorraad spring- en ander granate beskik.[12]

iv. *Van September 1899 tot Mei 1900*

Op 12 September 1899 het die magasynmeester op Pretoria 500 Mauser-karabyne, 50 000 Mauser-patrone en 500 Mauser-patroonbande, bedoel vir die Duitse Korps, na Johannesburg gestuur.[13]

Ruim 'n maand later was daar nog een bergkanon, vier maxims, twee snelvuur kanonne, een ou houwitser, 'n kanon van 75 mm-kaliber en twee ou kanonne wat van dr. Jameson gebuit is, in die fort aanwesig.[14]

Waar die ander kanonne gebly het, is nie vermeld nie, maar lt.-kol. S. P. E. Trichardt, kommandant van die korps Staatsartillerie, het op 22 Oktober 1899 melding gemaak van twee Maxim Nordenfeldt-kanonne wat, sonder sy medewete, deur lt.-kol. Schiel uit die Johannesburgse fort verwyder en na Elandslaagte oorgebring is, waar die Engelse troepe hulle gebuit het.[15]

Op 22 Mei 1900 het die waarnemende spesiale kommandant van die fort telegrafies aan die waarnemende kommandant-generaal versoek om 8 000 Lee Metford-patrone vir die fort op Johannesburg te stuur.[16]

Op 30 Mei 1900 het daar nog 'n maxim van die Johannesburgse fort op die *Australian Scouts* gevuur. Die volgende dag is besluit om die stad op 1 Junie 1900 oor te gee. Britse troepe het in Johannesburg verskyn en die eerste tydperk in die bestaan van die Johannesburgse fort is afgesluit.[17]

## b. *DIE BEWAKING VAN DIE FORT*

i. *Beleid. Bewakers gestuur*

In verband met die bewaking van die fort te Johannesburg is daar reeds melding gemaak van die wagkommando. Op 23 Februarie 1898 het die begrotingskommissie

die bewaking van die fort bespreek. Die kommandant-generaal het verklaar dat hy in vredestyd niks met die bestuur van die fort te doen wil hê nie. Ook was die Staatsartillerie nie geneë om soontoe te gaan nie omdat die fort onder 'n afsonderlike bevel gestaan het. In oorlogstyd sou, aldus die kommissie se notule, die generaal — volgens sy eie woorde — die beheer oor die fort moet oorneem en die bewakingspersoneel by die Staatsartillerie moet inlyf.[18]

As 'n voorlopige maatreël het die Uitvoerende Raad op 22 Maart 1898 besluit om een luitenant (tewens magasynmeester) en een sersant-majoor na die fort te stuur en, tot die Eerste Volksraad-sitting in Mei 1898, vyftien manskappe van die korps Staatsartillerie vir bewakingsdoeleindes aan te stel. Terselfdertyd sou die kommandant van die Z.A.R.P. (Johannesburg) vyftien polisiemanne aanstel om, tot Mei 1898, die fort te help bewaak.[19]

### ii. *Fort in toestand van verdediging gebring. Versterkings*

Op 6 April is, tydens 'n geheime sitting van die Uitvoerende Raad, aan S. W. Burger, L.U.R., en maj. P. E. Erasmus opgedra om onmiddellik na Johannesburg te gaan om toestande by die fort te ondersoek en die nodige maatreëls te tref dat die fort in 'n behoorlike toestand van verdediging gebring word. Terselfdertyd is aan H. C. Bredell opgedra om na die fort te gaan om aan die polisie wat „aan het fort verbonden is om 's nachts in't fort te slapen" mee te deel dat hulle tot nadere order onder bevel van die fortkommandant staan.[20] Fortkommandant Schiel het in die loop van dieselfde maand melding gemaak van bogenoemde bewaking, maar terselfdertyd nadruk op die verkryging van 'n behoorlike „vestingbemanning" gelê. Anders, so het die kommandant voortgegaan :

> *blijft het fort altijd eene gevaar voor den Staat en niemand zal in staat zijn het fort zonder eenige zoodanige bemanning te verdedigen. Daarom zal het fort Johannesburg geen storm of belegering door gedisciplineerde troepen kunnen uit houden wanneer het niet met alle spoed de volle benoodigde bezatting en bemanning kreegt.*

Die fortkommandant het die kommandant-generaal versoek om sy voorstel aan die Eerste Volksraad voor te lê.[21]

### iii. *Fortkommandant Schiel en die Staatsartillerie bots*

Op 5 Mei 1898 het fortkommandant Schiel die kommandant-generaal versoek om 'n versterking, bestaande uit 'n offisier en vyf-en-twintig manskappe, na die fort te stuur om die wag tussen 1700h en 1800h te versterk. Dié versterking is gevra na aanleiding van gerugte dat ten tye van die inswering van die Staatspresident dalk oproer in die stad sou kan ontstaan. Lt. Mare, van die Z.A.R.P., is met die genoemde aantal manskappe gestuur. Schiel het hierdie geleentheid aangegryp om op 15 Mei aan komdt. Van Dam te skrywe dat die fort sy eie besetting moet kry wat op hoogte van die artillerie en vestingdiens gebring moet word. Lede van die Z.A.R.P. is nie op dié gebied opgelei nie, aldus die fortkommandant.[22]

Fortkommandant Schiel se strewe om artilleriste vir die fort te bekom, het hom nog in dieselfde maand met offisiere van die korps Staatsartillerie laat bots. Gesamentlik het hulle op 10 Mei 1898 'n versoekskrif aan die kommandant-generaal gerig waarin verklaar is dat die Volksraad tot hede slegs een gedissiplineerde korps, te wete die Staatsartillerie, goedgekeur het.[23] Die offisiere doen hul bes om die korps te verbeter, maar buitestaanders meng hulle in dié sake in en belemmer die offisiere. Volgens hulle het die Hoof van Gevangenisse, A. Schiel, genoeg met sy eie departement te doen om hom nog met militêre aangeleenthede te bemoei, waarmee hy, as Hoof van Gevangenisse, niks te doen het nie.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Volgens hulle is laasgenoemde besig om :

> *eene artillerie in de artillerie van deze Republiek te stichten en het een ongehoord iets is dat een civiel ambtenaar zich zelf tot fortcommandant kan opwerpen en op zijn eigen gezag een uniform laat maken en dezelfde draagt, zonder iemand daarin geraadpleegd te hebben, 't welk hy nog al gelieft te noemen een „Staats-Uniform".*

Die beswaardes verklaar verder dat, ofskoon die fort te Johannesburg nog ver van voltooi is, deur die fortkommandant se toedoen reeds nege kanonne, een luitenant en vyftien artilleriste opgekommandeer is om dié kanonne, wat in 'n waenhuis buitekant die fort staan, op te pas.

Die korps verloor hierdeur kanonne en manskappe en dit is onbillik dat 'n deel van die korps onder 'n siviele amptenaar se bevele staan.

Weens gebrek aan offisiere moet die Pretoriase forte deur adjudant-onderoffisiere gekommandeer word. Die Johannesburgse fort, wat van veel minder belang is, word deur 'n kaptein-kommandant en drie luitenante gekommandeer. Deur kapt. Schiel se toedoen het bewaarders en assistent-bewaarders offisiersrange ontvang en dit is, aldus die opstellers van die skrywe „toch zeker geen eer voor dien officiersstand" nie. Reeds in die verlede, so lui die bewaarskrif verder, is aan die kommandant-generaal verklaar dat die korps Staatsartillerie nie vir kapt. Schiel as 'n offisier kan erken nie.

Op grond hiervan versoek lt.-kol. S. P. E. Trichardt, maj. P. E. Erasmus, kapt. J. F. Wolmarans en al die ander offisiere van die korps dat die beswaarskrif aan die Uitvoerende Raad voorgelê word om die regering te beweeg

> *om het Hoofd van Gevangeniswezen bij zijn werk als zoodanig te bepalen en hem buiten alle militaire betrekkingen te houden.*

Vermoedelik het hierdie klagskrif geen uitwerking gehad nie, want op 30 Junie 1898 het A. Schiel, Hoof van Gevangeniswese, sonder behoud van salaris verlof vir 'n jaar, met die reg van verlenging vir nog 'n jaar, gekry om aangestel te word as fortkommandant te Johannesburg. Tewens is aan hom die beheer oor die Johannesburgse tronk opgedra en sy salaris op £650 per jaar bepaal.[24]

iv. *Die eed van geheimhouding*

Die artilleriste wat diens by die fort gedoen het, het, behalwe die eed van getrouheid, die eed van geheimhouding afgelê. So het artilleris Petrus Albertus Viljoen, na die aflê van die eerste deel van die eed, gesweer :

> *En ik zweer verder dat ik aan niemand eenige inlichting zal geven of met niemand zal spreken of correspondeeren over het Johannesburg fortificatie werk of geen persoon zal toelaten dit werk te bezichtigen zonder wettig bewijs van toegang. En zweer mijne dienst te zullen vervullen voor een tijdperk van drie achtereenvolgende jaren vanaf heden. En mijne betrekking met eerder te zullen verlaten gedurende dezen tijd onder de verstandhouding evenwel dat de fortcommandant van het fort te Johannesburg het recht zal hebben mij dezen dienst op te zeggen . . . . . Zoo waarlijk helpe mij God Almachtig.*[25]

Dat die aflê van bostaande eed nie oorbodig was nie, blyk uit die verklaring wat 'n sekere Malcolm, 'n speurder in diens van die N.Z.A.S.M., op Junie 1898 voor J. J. Raaff, van Johannesburg, afgelê het. Volgens hierdie verklaring sou 'n sekere Verkonteren die planne van die forte in die republiek in sy besit gekry het. Hy sou ook die forte besoek het en Italiaanse werkers sou hom gehelp het om dié

gegewens in sy besit te kry. 'n Geheime agent wat hierdie aangeleentheid ondersoek het, kon nie agter die ware toedrag van sake kom nie en aan die begin van 1899 is die betrokke lêer gebêre.[26]

Dit het die fortkommandant vermoedelik laat besluit om, in sy fortbevel van 24 Augustus 1898, weer eens onder die aandag van die offisiere en onderoffisiere te bring dat hulle die fort nie vir 'n oomblik mag verlaat nie. Die fortkommandant het gelyktydig bekendgemaak dat die kos na die fort gebring moet word en dat, sonder sy toestemming, omruiling van diens belet is.[27]

### v. *Versterkings. Die fortkommandant kla*

Op 26 Augustus 1898 is aan die kommandant-generaal magtiging deur die Uitvoerende Raad verleen om die aantal manskappe by die fort met tien te vermeerder. Hierdie maatreël is getref om die fort in 'n behoorlike toestand van verdediging te bring. Die besettingsterkte is, deur hierdie besluit, tot vyftig verhoog.[28]

Klaarblyklik het, tot Mei 1899, alles na wens by die fort verloop, maar in laasgenoemde maand het Schiel hom teenoor staatsprokureur J. C. Smuts uitgespreek om vir 'n bevordering in aanmerking te kan kom. Ook het hy gekla dat hy deur die „Transvaal Leader" en „De Volksstem" aangeval is. Hy kla verder oor „de vele intriguen die Tegen mij gaande zijn en die slechts ten doel hebben mij bij de Regeering en het publiek in minachting te brengen . . . . . ." In 'n koerantknipsel wat die fortkommandant aan sy skrywe toegevoeg het, is onder meer verklaar dat die Johannesburgse fort 'n goudmyn vir die fortkommandant was en dat, nadat die Uitvoerende Raad die bevel oor die fort, onder die kommandant-generaal en lt.-kol. S. P. E. Trichardt, aangebied het Schiel nie onder laasgenoemde se bevele wou staan nie.

Staatsprokureur Smuts het hierdie skrywe nie beantwoord nie.[29] Die fortkommandant se plan om 'n bevordering te probeer bewerkstellig, het misluk. Hy het, vermoedelik in Junie 1899, sy besetting aanmerklik versterk. In Julie het die besetting uit een kaptein, een eerste luitenant en 100 onderoffisiere en manskappe bestaan.[30]

### vi. *Fortkommandant Schiel tree af. Komdt. D. E. Schutte*

Fortkommandant Schiel het op 16 September 1899 aan die kommandant-generaal versoek om as bevelvoerder van die Duitse kommando aangestel te word.[31] Aan hierdie versoek is voldoen en op 24 Oktober 1899 het lt. J. J. Coetzer versoek om as kaptein van die fort aangestel te word omdat hy gemeen het dat dié verantwoordelikheid te groot is vir een luitenant. Die fort was op dié tydstip onder waarnemende spesiale kommandant D. E. Schutte (Z.A.R.P.) se bevel.

Komdt. Schutte het die regering se toestemming met betrekking tot lt. Coetser se versoek ontvang en terselfdertyd, op 26 Okober 1899, aan die staatsekretaris (afd. B.) gevra wie vir die fort verantwoordelik is en aan wie waarnemende lt. Coetzer verantwoordelik is.

Op hierdie vraag het die kommandant-generaal, op versoek van die staatspresident, op 28 Oktober 1899 geantwoord dat die fort vir die duur van die oorlog onder bevel van komdt. Schutte staan.

Op 10 Januarie 1900 is, namens die kommandant-generaal, verklaar, dat die regering, en nie genl. Joubert nie, opdrag gegee het dat die waarnemende kommandant van die korps Staatsartillerie verantwoordelik vir die administrasie van die fort is, terwyl komdt. Schutte in bevel van die verdediging is aangesien die fort nou deur die polisie bewaak word.[32]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Tussen Oktober 1899 en Januarie 1900 is die besonderhede aangaande die besetting van die Johannesburgse fort skaars. Klaarblyklik het die sterkte van die besetting afgeneem want kapt. T. Kroon het op 27 Oktober 1899 aan die waarnemende kommandant van die korps Staatsartillerie gerapporteer dat die besetting uit twee offisiere, ses onderoffisiere, agt-en-twintig artilleriste en ses-en-twintig lede van die Z.A.R.P. bestaan het. Volgens kapt. Kroon was daar nog tenminste 100 geoefendes nodig om die fort goed te bewaak. Kapt. Kroon was van plan om die tekort uit die geledere van die N.Z.A.S.M.-personeel aan te vul, maar daar is 100 Z.A.R.P. lede bekom.

Sonder sy medewete, so berig kapt. Kroon, is 'n aantal bevorderings van die fort se besetting deurgevoer. Adj. Honer is tot tweede luitenant bevorder, sers.-maj. Scheepers is nou 'n tweede luitenant, sers. Muller is tot adj.-onderoffisier bevorder, terwyl sers. Van Zyl nou 'n sers.-majoor is. Ander bevorderings was dié van korporaals Swanepoel en Rossouw tot sersante en artilleriste Goosen, Schoeman en Mety tot korporaals. Al hierdie bevorderings het, in stryd met die wet, sonder eksamens geskied.[33]

In April 1900 is vermeld dat die Z.A.R.P. die fort beset, dat die verdediging van die fort die taak van die spesiale kommandant van Johannesburg is en dat, op grond hiervan, die wenslikheid oorweeg moet word om die diensdoende luitenant-kwartiermeester van die Staatsartillerie na Pretoria terug te roep.[34]

Uit hierdie skrywe blyk dat die reeds genoemde lt. Coetser 'n artillerie-offisier was en dat hy ondergeskik was aan die spesiale kommandant. Daar was dus, op dié tydstip, sprake van 'n tweehoofdige beheer, aldus die toenmalige kommandant van die Staatsartillerie, wat tewens aangevoer het dat daar op Pretoria 'n dringende behoefte aan ofisiere bestaan.

Omtrent die lotgevalle van die besetting kort voor die inname van Johannesburg is daar geen gegewens voorhande nie. Op 28 Mei 1900 het assistent-generaal J. C. Smuts, van Kliprivier, aan hoofkommandant C. R. de Wet, op Frankfort, getelegrafeer dat die Britse troepe op 2½ uur afstand van Johannesburg, t.w. op Vanwyksrust, staan. Die inhoud van hierdie telegram lui verder :

> *Kom zoo even van Genl. Botha en heb van hem een opdracht nog hedennacht alle commandos naar Johannesburg op te trekken zoo vroeg mogelyk ten einde te trachten vijand voor te zijn in Johannesburg. Wij verlaten dus al onze posities hier en trekken met onze geheele macht op naar Johannesburg.*[35]

Op 29 Mei 1900 het 'n geveg by Doornkop gevolg en in die loop van die volgende dag is die Britse militêre insluiting van Johannesburg voltooi. Op 31 Mei 1900 het die intog van lord Roberts in die Goudstad gevolg. Behalwe dat 'n militêre wag by die fort aanwesig was, het die gewapende burgers die vorige dag deur die stad getrek en by hul wapenbroers aangesluit wat elders die stryd voortgesit het.[36] Die Johannesburgse fort het geen rol in die oorlog gespeel nie . . . . . .

## c. *DIE VOLTOOIING*

### i. *Die Elektriese fortverligting, die telegraaf, water*

In sy jaarverslag oor 1898 het die kommandant-generaal onder meer verklaar dat die fort te Johannesburg in die loop van die eerste maande van 1899 voltooi sou wees.[37]

'n Aanduiding van die vordering wat gemaak is en wat in Maart 1898 nog nie voltooi was nie, is 'n Uitvoerende Raadsbesluit van 22 Maart 1898 waarin die besluit neergelê is om 'n uitgawe van £3 500 in verband met die elektriese fortverligting goed te keur.[38]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Op 2 April van dieselfde jaar het die kommandant-generaal se departement 'n voorskot van £60 toegestaan in verband met die opdrag wat aan die luitenant van die Veldtelegrafieafdeling van die Staatsartillerie verstrek is om telegrafiese verbindings tussen die forte Klapperkop en Schanskop en Johannesburg daar te stel.[39]

Op 15 April 1898 het fortkommandant A. Schiel aan die Hoof van Openbare Werke (argitek Wierda) meegedeel dat die kommandant-generaal besluit het om 'n bomvrye „telegraph kontrolkantoor" vir militêre doeleindes in die Johannesburgse fort te bou. Op 5 Mei 1898 is, kragtens 'n geheime besluit, magtiging verleen om die werk uit te voer en in Februarie 1899 was alles voltooi.[40]
Op 13 Junie 1898 het fortkommandant Schiel aangeteken dat, soos hy met argitek Wierda afgespreek het, tenders gevra sal word om water vir die fort en die tronk te boor.[41]

Die elektriese verligting was in September 1898 so ver gevorder dat lt. P. C. Paff in die tweede helfte van dié maand van Pretoria na Johannesburg gestuur is om afrondingswerk te verrig.[42] Op 1 Oktober 1898 is 'n versoek aan die kommandant-generaal gerig om 'n horlosie vir die wagkamer van die fort teen 'n bedrag van £3:3:0 aan te koop.[43] Op 6 Desember van dieselfde jaar het L. Grunberg aan die fortkommandant 'n voorstel voorgelê om fonderings vir 'n tweetal lewerbare Long Tom-kanonne te lê. Schiel het op 22 Desember 1898 meegedeel dat hy die kanonfondering op die noordoostelike bastion reeds gereed gehad het toe die Long Toms bestel is. Hy het aan hierdie mededeling toegevoeg dat hy met Grunberg afgespreek het dat hy die suidwestelike bolwerk vir die bestelde geskut in gereedheid sal bring. Daarna kan, nadat hy die fort aan die regering oorgedra het, die eersgenoemde bastion verander word. Op dié wyse wou hy voorkom dat dié uitgawes op sy begroting geplaas sou word.[44]

ii. *Die boukoste, verdere werksaamhede, die oorname*

Op 9 Januarie 1899 het die Hoof van Openbare Werke aangeteken dat die totale bedrag wat vir die bou van die fort bewillig is £40 500 bedra. Hiervan is £23 422:18:4 verantwoord en betaal, terwyl £16 338:9:7 nog betaal en verantwoord moet word.[45]

In Februarie 1899 het die Uitvoerende Raad besluit om 'n masjinis teen £300 per jaar vir die fort aan te stel. Hy sou, teen 'n vergoeding van £3 per maand, deur 'n Kleurling bygestaan word.[46]

Op 8 April 1899 het Van Winsen verklaar dat die skrynwerkers binne drie weke hul werksaamhede voltooi sou hê,[47] terwyl fortkommandant Schiel op 5 Mei 1899 aan genl. P. J. Joubert meegdeel het dat hy hoop om op 24 Mei met die bouery gereed te wees. Op dié dag, aldus die fortkommandant, kan die fort deur die kommandant-generaal oorgeneem word. Die elektriese verligting sal dan nog nie gereed wees nie. Die masjinerie moet nog uit Duitsland kom, maar dit het, volgens die fortkommandant, niks met die bouwerksaamhede te doen nie.[48]

Uit die weeklikse werkverslag van 1 Mei 1899 - 6 Mei 1899 blyk dit dat die kontrakwerk in verband met die verplasing van sewe woonhuise naby die fort voltooi is. Hierdie huise wat te naby die fort was, is afgebreek en weer opgebou en bewoonbaar gemaak, terwyl tussen 8 Mei 1899 en 13 Mei 1899 die skoolgebou op Hospitaalheuwel afgebreek en vervoer is na 'n ander terrein waar die heropbou omstreeks 22 Mei 1899 gereed gekom het. Op 20 Mei is die verplasing van nog agt huise in die omgewing van die fort voltooi.[49]

Die regering het op 15 Mei 1899 besluit om 'n bonus van £1 500 aan fortkommandant Schiel te betaal vir sy aandeel in die totstandkoming van die fort,[50] terwyl die fort op 12 Junie 1899 deur die Staatsartillerie oorgeneem is. By dié geleentheid is

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

die regering deur genl. P. J. Joubert, kommandant-generaal Z.A.R., en Uitvoerende Raadslede S. W. Burger en P. A. Cronjé verteenwoordig.[51]

iii. *Fortkommandant Schiel se oorsig*

Johannesburg het nou, wat die ondergrondse, bomvrye gedeeltes van die fort betref, oor vier ondergrondse kamers van 26' 6" x 16', twee gange van 26' 6" x 3' 6", een vertrek van 26' 6" x 10', een vertrek van 26' 6" x 7' (kruitkamer), vier kelders van 25' 9" x 15' 3", 'n masjienkamer van 5 160 kubieke voet en 'n paar ander vertrekke, in totaal oor 'n afgedekte ruimte van 102 972 kubieke voet, beskik. In sy verslag van 22 Junie 1899 rapporteer A. Schiel, „gew. Comd Fort Johannesburg, Hoofd gewezen en lid der Spec. Gouv. Bouw Commissie belast met het uitvoeren van den bouw" o.m. soos volg :

Ten tye van die besluit om die fort te bou is 'n kommissie bestaande uit die kommandant-generaal, S. W. Burger L.U.R., die Hoof van Openbare Werke (arg. Wierda) en komdt. A. Schiel (Hoof van Gevangeniswese) benoem om die bou uit te voer. Terwyl die finansiële beheer by die Hoof van Openbare Werke sou berus, is Schiel met die uitvoering belas, terwyl G. H. van Winsen as raadgewende ingenieur benoem is. Laasgenoemde is later met die sekretariaat van die kommissie belas terwyl hoofopsigter Obermeyer, van die Departement van Openbare Werke, die bestellings in Johannesburg versorg het.

Die kommissie het besluit dat die fort oor twee bastions, elkeen vir 'n stuk veldgeskut, moet bestaan en dat die bastions deur grondwalle verbind moet word. Hierdie walle moet nie alleen geflankeer word nie, maar tewens die nodige ruimte vir die kasernering van ongeveer 100 man en die berging van ammunisie en lewensmiddele bied. Dan moet daar 'n oordekte ruimte vir die berging van „Gouvernements en bankwaarden" wees.

Daar is verder besluit om onder en in die noordoostelike fortwal 'n gebou van 110 voet lengte, verdeel in vier sale vir manskappe, 'n lewensmiddelemagasyn en 'n kruitmagasyn aan te bring. Hierdie vertrekke sou deur 'n oordekte gang verbind word terwyl daar ook onderaardse gange na 'n veilige bergruimte met ysterdeure sou loop.

Schiel merk vervolgens op dat die projektiel-magasyn nie in die grond gebou kon word nie omdat, deur dinamiet te gebruik om die rots los te skiet, die tronk sowel as sy fondering gevaar sou loop. Daarom is besluit om 'n dubbele muur om dié magasyn te bou wat deur 'n gang van die buitemuur van die tronk geskei sou wees. Die grondwal is, met die oog op geweervuur, drie-en-twintig voet hoog gebou, terwyl die geskutstellings, bedoel vir vestingkanonne van 120 mm kaliber, op 'n hoogte van sestien en 'n halwe voet aangebring is. Die grondwal agter die tronk is op ongeveer 410 voet lengte en die vuurlyn op drie-en-twintig voet bepaal. In die noordwestelike grondwal is 'n gebou bestaande uit 'n kommandants-kantoor, 'n offisiers-kantoor, 'n vertrek vir verbandstowwe, 'n geweermagasyn en 'n klein projektielmagasyn aangebring. In 'n ander wal is, namate meer opdragte ontvang is om verdere geboue op te rig, 'n kanonkamer, 'n kombuis, 'n waglokaal, 'n poort, 'n wagkamer, selle, latrines, 'n telegraafkantoor en 'n slaapvertrek vir telegrafiste gebou. Later is besluit om die twee bastionne met Long Toms te bewapen, terwyl twee kleiner kanonne elders opgestel is. Aan die slot van hierdie belangrike verslag vermeld die oud-fortkommandant dat die projek die verplasing van 2 920 000 kubieke voet grond meegebring het en dat al die fortgeboue van beton vervaardig is.[52]

Hiermee was die fort se geboue nog nie voltooi nie, want op 6 September 1899 is 'n tender vir die bou van 'n kanon- en waenhuis, met 'n dokterskamer, teen 'n bedrag van £487:10:- aan boukontrakteur M. C. A. Meischke toegewys.[53]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

### iv. *Besettingsprobleme*

Terwyl die Johannesburgse fort gereed gekom het, het fortkommandant Schiel reeds in Mei 1899 bekommerd geword of, in geval van oorlog, sowel die forte om Pretoria as die militêre sterkte te Johannesburg, doeltreffend aangewend kan word. Op 30 Mei 1899 het hy sy gevoelens op papier gesit en, met verwysing na die toestand op Pretoria onder meer aan die Staatsekretaris geskryf :

> *In Pretoria zijn vier forten. Bij deze forten is niet een enkelde offizier, alleen Majoor Erasmus. Deze heeft een Adjudant die eerste weinige weken geleden offizier gemaakt is en van zijn dienst zoo min verstaat als ik bij voorbeeld van Mijnwezen . . . . . UEdG hebt dus een kring forten om Pretoria en geen een offizier er in dien U de verdeediging kunt toevertrouwen en dit kort voor een oorlogh . . . . . .*

Na aanleiding van hierdie bewering het die fortkommandant 'n kommissie van ondersoek en die benoeming van 'n militêre raadgewer, toegevoeg aan die Staatsekretaris (Kabinet), aanbeveel wat die regering van militêre raad bedien.

Die kommandant-generaal is deur die regering opgedra om met die kommandant van die Staatsartillerie oor 'n militêre adviseur te onderhandel maar hy het op die betrokke lêer aangeteken dat so 'n bespreking „geheel op nul zal uitloopen."

Aan die Staatsekretaris (Kabinet) het die kommandant-generaal op 3 Junie 1899 berig :

> *Ik vrees dat het al te waar is wat Commandant Schiel zegt, doch wat kan ik hieromtrent doen. Wij hebben geen enkele zoon onzes Lands, die iets van fortificatie of verdediging van vestingwerken weet. Nog nooit is in ons Land forten verdedigd tegen grof geschut van vijanden.*[54]

Terwyl deur hierdie antwoord die moontlike rol wat die forte, in geval van oorlog of binnelandse onluste sou speel, 'n gedugte knou gekry het, is met die afrondingswerk te Johannesburg voortgegaan.

### v. *Drinkwater, Schild se verslag, die fort en die Johannesburgers*

Dr. Otto Hohls, offisier van gesondheid van die korps Staatsartillerie, het in Junie 1899 verklaar dat die drinkwater wat in die forte te Pretoria en in die vergaarbakke van die Johannesburgse fort bewaar en waarvan gebruik word op die duur onmoontlik aan die vereistes van deugdelike drinkwater kan voldoen. Hy het die anskaf van 'n Berkefeld-filterpomp, soos in Duitse en Oostenrykse kasernes in gebruik is, voorgestel om suiwere water op te pomp.[55]

Op 23 Junie 1899 is die masjienpersoneel van die Johannesburgse fort beëdig, terwyl in Julie gerapporteer is dat die Departement van Openbare Werke die fort se waterleiding en elektrisiteitswerke gereed moet maak.[56]

Op 15 Julie 1899 was hierdie werksaamhede vermoedelik voltooi,[57] terwyl hoofmasjinis J. Schild 'n paar dae later van Pretoria na Johannesburg gegaan het om die tydelike verligtingstelsel en die instrumente van die veldtelegrafie in die fort te inspekteer. In sy verslag het Schild onder meer melding gemaak van :

> *De locomobiel met dynamo en toebehooren om electriciteit te leveren aan 8 lampen die aangebracht zijn in de telegraafkamer, welke ingericht is als uitspanningslokaal.*

Hierdie lokomobiel het in sy onmiddellike ongewing 'n skakelbord in verband met die voorsiening van elektriese krag gehad en is deur 'n kabel met die telegraafkamer verbind. Tewens het 'n groot soeklig agter die stoomenjin gestaan, terwyl daar

ook 'n klein soeklig op 'n driepoot aanwesig was. Hierdie ligte het met booglampe gewerk. Hoofmasjinis Schild vermeld in sy verslag ook 'n groot heliograaf en 'n groot verkyker.[58]

Op hierdie tydstip het, aldus 'n Reuterberig wat in „The Standard and Diggers' News" onder die opskrif „The Johannesburg Fort" verskyn het, 'n afvaardiging van Randse handelaars 'n onderhoud met staatsekretaris F. W. Reitz gevoer. Volgens die koerantberig het hulle gevra dat, in geval van vyandelikhede, die fort nie teen die inwoners van Johannesburg aangewend word nie. Dieselfde berig lui verder soos volg:

> *It states that the Government see no necessity for alarm, that they have taken steps for the protection of the burghers, and that it is not their intention to make any attack except in self-defence.*[59]

vi. *Die tydelike heliografiese verbinding, die elektriese stelselvoltooi*

Interessant is dat daar 'n tydelike heliografiese verbinding tussen die Pretoriase forte en die fort te Johannesburg bestaan het. Klaarblyklik was hierdie verbinding van Mei tot Junie 1899 in werking en is die masjinerie en instrumente kort na 21 Junie 1899 na Pretoria teruggebring. Onder hierdie masjinerie was 'n lokomobiel en 'n dinamo[60] wat gebruik is om elektrisiteit op te wek. Op 1 Augustus 1899 het die firma Siemens 'n lokomobiel, 'n dinamo en toebehore by die fort afgelewer wat ewenwel nie aan die vereistes voldoen het nie en van 27 Oktober af nie meer by die fort benodig was nie.[61]

Van 20 April 1900 is daar 'n tweetal briewe van die Hoof van Openbare Werke in sy hoedanigheid as vise-voorsitter van die spesiale goewermentsboukommissie in verband met die voltooiing van die elektriese verligting van die Johannesburgse fort. Aan G. H. van Winsen is meegedeel dat die ingenieursloon in verband met die hou van toesig in verband met die voltooiing van die elektriese verligting oor die maande Januarie, Februarie en Maart 1900, 'n bedrag van £87:15:-, uitbetaal kan word. Terselfdertyd is versoek dat aan die firma Siemens 'n bedrag van £271:8:- vir die lewering van materiaal, benodig vir die verligting van die fort, uitbetaal word.[62]

*AANTEKENINGE*

1. LA 645, waarin GR 165, ongedateer, ontvang 12.2.1898.
2. KG 484, p. 483.
3. *Ibid.*, p. 497. Sien ook p. 555.
4. KG 196/1, waarin BBB 513, dd. 18.2.1898 (by GCR 736/98). Sien ook KG 484, p. 512.
5. KG 115/2, waarin CR 936/98, dd. 25.2.1898.
6. KG 196/1, waarin CR 981/98 by GCR 736/98, dd. 1.3.1898, 12.4.1898. Die Krupp-kanon: 60 mm-kaliber.
7. KG 119/1, waarin CR 1731/98, dd. 7.4.1898.
8. KG 126/1, waarin CR 3792/98, dd. 6.8.1898.
9. KG 471/4, waarin voorrade-opgaaf Jan. 1899. Sien ook KG 138/1, waarin opgaaf van Mei 1899.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

10. KG 151/1, waarin CR 3163/99, dd. 12.5.1899. Daar is ook instrumente en 'n soeklig vervoer.
11. SS 7899, waarin R 8456/99.
12. KG 157/1, waarin CR 5047/99, dd. 31.7.1899. Al die verskillende items is noukeurig gespesifiseer.
13. SS 8050, waarin R 13076/99, dd. 12.9.1899.
14. KG 166/2, waarin CR 7941/99, dd. 27.10.1899.
15. Prellerversameling, deel 14, p. 186.
16. LA 725 (telegramme).
17. H. A. Chilvers, *Out of the Crucible,* (Johannesburg, 1948), p. 146.
18. EVR 4, waarin notule by EVR 23/98.
19. URB art. 19, 22.3.1898.
20. LA 680, pp. 79-80. Br. was konf. sekretaris van die Speurdienskommissaris.
21. KG 119/1, waarin CR 1912/98 (dd. omstreeks 24.4.1898).
22. KG 120/1, waarin CR 2072/98.
23. KG 484, p. 732 e.v.
24. URB, art. 620, 30.6.1898.
25. In KG 527, afgelê voor fortkommandant A. Schiel.
26. KG 196/1, waarin GCR 25/98.
27. KG 127/1, waarin CR 4121/98.
28. URB, art. 802, dd. 26.8.1898. Met verwysing na GR 902/98 (UVR 992/98).
29. SP 221, waarin GR 82/99, dd. 30.5.1899.
30. O.m. KG 486, p. 734, e.v. („Naamlijst met wapennummers"); KG 157/1, waarin CR 5047/99 (inspeksieverslag maj. P. E. Erasmus).
31. SS 8050, waarin R 13076/99.
32. KG 167/1, waarin CR 8072/99. Kapt. S. Eloff, 'n skoonseun van die staatspresident, was in Julie 1899 in bevel van die fort (KG 156/2, waarin CR 4904/99). Hy het op 20.10.1899 na Soutpansberg vertrek. Komdt. van Dam sou die bevel oorneem, maar hy is kort voor of op 24.10.1899 gelas om na die fort te gaan. Sien ook SS 8255, waarin R 422/00 (Kmdt. D. E. Schutte — Staatsekretaris, 19.10.1899 en antwoord dd. 20.10.1899).
33. KG 166/2, waarin CR 7941/99.
34. KG 489, p. 10, Komdt. Staatsartillerie — KG, 20.4.1900.
35. LA 726(b), oorlogstelegram 28.5.1900.
36. *The Times' History of the War,* (London, 1906), deel 4, p. 143 e.v.
37. KG 201/3, waarin verslag, p. 10.
38. URB 298, 22.3.1898.
39. R 4056/98, 1.4.1898.
40. SS 7701, waarin R 1945/99, o.m. pp. 4-5. Sien ook LA 679/680, p. 24. Die koste was £1 500. Twee telegraafkamers het in totaal £3 500 gekos. Sien ook KG 139/1, waarin CR 7292/98 van 19.5.1899.
41. KG 122/1, waarin CR 2568/98 van 13.6.1898.
42. KG 129/1, waarin CR 4542/98 van 17.9.1898.
43. KG 130/2, waarin CR 4879/98 van 1.10.1898.
44. KG 137/2, waarin CR 6954/98 met skets *Geheel aanzicht voor de fondatie van het affuit voor kanonnen van 155 m/m. Doorsnede AB.*

45. KG 138/1, waarin CR 7010/98 van 9.1.1899. Vgl. die koste berekenings van Fort Klapperkop (£47 500) en Fort Schanskop (£50 000) in Ploeger, *Die Fortifikasie van Pretoria*, p. 27.

46. URB art. 37, 16.1.1899 (SS 7098, waarin R 3562/98).

47. SS 6163, waarin R 1461/97, deel 3, 8.4.1899.

48. KG 151/1, waarin CR 3093/99, 7.5.1899.

49. PW 149, waarin HPW-dokumente i.v.m. die fort te Johannesburg (1898, 1899).

50. URB art. 475, 15.5.1899.

51. SS 6172, waarin R 1461/97, deel 12, nrs. 137 en 148. Van Niekerk, *op. cit.*, p. 50.

52. KG 154/1, waarin CR 4106/99, 22.6.1899.

53. P.W. 179, waarin kontrak nr. 100, 6.9.1899. Sien ook PW 187, waarin PR 2079/99, 18.10.1899 (90% van die bedrag aan kontrakteur M. C. A. Meischke betaal).

54. LA 634/2, waarin CR 369/1899 (later : GR 626/99).

55. SS 7989, waarin R 10 699/99, 29.6.1899. In April 1899 is die water in die boorgat by die fort getoets. Diepte geboor : 300 voet. Pomp (Tangyes 4 pk) gekoop op 22.8.1899. Met afkoelingstenk, vliegwiel, 300 voet pyp. Koste : £216:19:6. Sien : PW 149, waarin 780/99.

56. CR 4185/99, 23.6.1899. P.W. 149, waarin GR 790/99.

57. SS 6163, waarin R 1461/97, deel 3, nrs. 168-169.

58. KG 155/2, waarin CR 4594/99, 18.7.1899.

59. Uitgawe 21.7.1899.

60. KG 155/1, waarin CR 4314/99, 10.8.1899. Sien ook, in dieselfde band, CR 3163/99, 12.5.1899.

61. PW 365, waarin mededelings van 16.10.1899 en 27.10.1899 deur Hoof van Openbare Werke — Siemens Ltd., Johannesburg.

62. *Ibid.*, waarin Wierda-Van Winsen, 30.4.1900; Wierda-Siemens, 30.4.1900 (Konf. briewe-boek).

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# 5

# UITEENLOPENDE VERSLAE EN BERIGTE

*INLEIDING*

Dat die bewapeningsbeleid wat deur die Transvaalse regering na die Jameson-inval uitgevoer is, die belangstelling van vriend en vyand, hetsy amptelik en nie-amptelik, getrek het, word in hierdie hoofstuk aangetoon.

'n Deel van die belangstelling is op die fortebou en die Pretoriase forte sowel as op die Johannesburgse fort toegespits.

Wat, in dié verband hieronder vermeld is, is ongetwyfeld slegs 'n gedeelte van al die gegewens wat bewaar gebly het, en in die loop van 'n vlugtige navorsing, onder oë van die skrywer gekom het.

Ten spyte van bogenoemde beperkings, gee die volgende gegewens ongetwyfeld 'n indruk van veelsoortige bedrywighede waarvan slegs 'n geringe aantal tydgenote bewus was.

i. *Berigte van 1896*

> *The Government here is making enormous military preparations, I have ascertained that up to the present it has 15,000 spare rifles, 20,000,000 rounds S.A. Ammunition, 35 field guns of various sizes, "Maxims . . . .*

Hierdie berig is op 5 Mei 1896, in die „Rand Club", deur kapt. C. Delmé Radcliffe aan die Britse militêre inligtingsdiens (Kaapstad) gestuur en dui op 'n besondere belangstelling van Britse militêre kant met betrekking tot die uitvoering van die Transvaalse bewapeningsprogram na die Jameson-inval.[1]

Hierdie belangstelling was nie tot die Britse militêre inligtingsdiens beperk nie. In Junie het die Duitse konsul-generaal in Pretoria, Von Herff, aan die Duitse Minister van Buitelandse Sake berig dat die Transvaalse regering met spoed aan die forte bou, dat ammunisie in Duitsland aangekoop is en dat daar uit alle mag aan die militêre versterking van die Zuid-Afrikaansche Republiek gewerk word.[2] Met betrekking tot die bou van die Johannesburgse fort het die Britse resident in Johannesburg reeds op 27 Januarie 1896 onder meer aan die Britse Minister van Kolonies vanuit Charlestown (Natal) getelegrafeer :

> *commanding fort site here chosen by Executive with assistance German expert to enforce more rigorous rule . . . . . .*[3]

Reeds vroeër, in 1895, was die gerug in omloop dat die Transvaalse regering £100 000 op die begroting sou geplaas het om 'n fort te Johannesburg te bou om dié stad te oorheers.[4]

In teenstelling met bogenoemde gerug het sir Hercules Robinson op 3 Maart 1896 aan die Britse Minister van Kolonies getelegrafeer :

> *. . . . . De Wet says President of the South African Republic informs him that the Government of the South African Republic have intended for a long time to build a fort at Pretoria for accommodation of State Artillery and arms and ammunition. A fort is not contemplated at Johannesburg . . . . . President of the South African Republic said it was not true that he had sent for German experts.*[5]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Op 9 Augustus 1896 het maj. Henry P. Northcott, wat deur die Britse militêre inligtingsdiens (Kaapstad) na die Zuid-Afrikaansche Republiek gestuur was, die militêre sterkte van die Z.A. Republiek en die Oranje-Vrystaat en van die Afrikaners in die Kaapkolonie en Natal soos volg opgesom :

| | |
|---|---|
| *S.A. Republic — Burghers* | 20,000 |
| *Uitlanders (other than English) possible* | 5,000 |
| *Imported Germans* | 1,000 |
| *Boers in Cape Colony who would join above* | 5,000 |
| *Boers in Natal* | 5,000 |
| | 51,000[6] |

In September 1896 is weer eens 'n uitvoerige Britse verslag, uit verskillende bronne afkomstig, oor die bewapening van Transvaal opgestel en aan die Minister van Buitelandse Sake voorgelê. Hierin is, met verwysing na „The Cape Times" van 25 Maart 1896, oor die fortebou by Pretoria verklaar :

> *It was stated that plans for 8 forts around Pretoria had been on the 16th of March submitted for the President's approval by German engineers. The President has denied the truth of the story but it is confirmed by Captain Delme Radcliffe.*[7]

In dieselfde verslag is onder meer ook vermeld dat die Britse konsul in Hamburg die verskeping van ammunisie na Afrika, moontlik na Delagoabaai, in April 1896 gerapporteer het. Die Natalse regering het op 2 Mei 1896 berig dat ammunisie en gewere met die stoomskip „Umbilo" aangekom het, terwyl die Transvaalse regering op 5 Mei 1896 aan die Natalse owerhede versoek het dat 'n kas met bajonette, twaalf kaste Martini-Henry-gewere en 350 kaste met patrone, wat met die stoomskip „Umtali" aangekom het, ten spoedigste deurgestuur word.

ii. *Berigte van 1897. Die fort te Johannesburg*

Terwyl die beriggewing van diplomatieke verteenwoordigers, spioene en ander gedurende 1896 die meeste nadruk op die bewapening van die Zuid-Afrikaansche Republiek lê, het die bou van die Johannesburgse fort in 1897 meer belangstelling begin trek.

In Desember 1896 was maj. E. A. Altham, assistent-sekretaris van die Britse opperbevelhebber, Kaapkolonie, te Johannesburg, Paardekraal en Pretoria om inligtingswerk te verrig.

In Januarie 1897 het hy, met verwysing na die bou van die Johannesburgse fort soos volg gerapporteer :

> *While at Johannesburg I could obtain no exact information as to the forts. I rode to the gaol on Hospital Hill and found the convicts excavating the ground in front, but the work was not sufficiently advanced to determine its nature — and one of the guards ordered me out.*
>
> *Behind the gaol on the southern slope of the Hospital Hill, i.e. facing the town a brick wall 10' high is being built enclosing a space 250 yards by 200. Within this are the old barracks occupied at present by 200 mounted Police. These barracks are rough corrugated iron, and have only mud floors, but fresh barracks are to be built.*
>
> *I could see no sign of any guns in the barracks. I have been since told that the excavations on the northern slope of Hospital Hill in front of the gaol are the beginnings of a small fort, and that another larger fort was*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

*commenced last week on the centre of three small kopjes lying in the valley to the south end of the town and of the main reef; this Fort, at which the burghers are working will cover the approach from the south, and the Natal road in particular.*

Aan die slot van hierdie verslag, wat deur die Britse militêre inligtingsdiens (Kaapkolonie) aan die Britse Minister van Kolonies deurgestuur is, kom maj. Altham tot die volgende gevolgtrekking:

*It will be observed that these forts, if this information be correct (I will enquire further) are designed not to overawe but to defend Johannesburg.*[8]

Op 22 Februarie 1897 het konsul-generaal Von Herff die Duitse rykskanselier se aandag gevestig op die spoed waarmee nie alleen die forte rondom Pretoria nie, maar ook die Johannesburgse fort gebou word. Hierin het hierdie beriggewer die vaste wil van die Transvaalse regering gesien om op alle moontlikhede voorberei te wees.[9]

Kort daarna het die Britse agent te Pretoria, W. Conyngham Greene, in kode aan die Britse Hoë Kommissaris getelegrafeer:

*Work is going on at the forts here and at the prison fort at Johannesburg night and day.*[10]

In Maart 1897 het maj. Altham, ooreenkomstig sy vroeëre belofte, in Kaapstad soos volg aan maj. Northcott geskryf:

*P.S. I have just heard from Mr. Glyn at Johannesburg; he has examined the ground to the South . . . . . The fort on Hospital Hill (the north side of the town) is almost completed and the two large shafts in position. (He writes in mining terms for safety. I take it he means guns, but it might be interpreted trenches).*[11]

Ofskoon die volgende besonderhede nie regstreeks in verband met die bou van die fort te Johannesburg staan nie, lewer hulle voldoende bewys van die noulettende wyse waarop die Transvaalse bewapening op dié tydstip deur die Britse owerhede dopgehou is. 'n Treffende voorbeeld in hierdie verband is die inhoud van die volgende skrywe wat op 30 Maart 1897 deur die direkteur van die firma Maxim Nordenfeldt aan die Britse Minister van Kolonies gestuur is:

*We are given to understand that it is your wish that, before accepting any orders which are being offered to us by the Transvaal Government, we should consult you on the question, and, in defence to your wish, we now beg to say that we are offered an order for:*

*1,000,000 rounds of .303" ball cartridges for use with Maxim guns.*
*12,000 rounds ditto blank cartridges.*
*250,000 rounds M.H. ball cartidges with nickel bulletts.*
*and also*
*24 Cavalry boots to carry Maxim Guns*
*and tripods.*
*4 Belt fitting machines for .303" Maxim Guns.*
*4 Do do for M.H. Maxim Guns.*
*12 Parapet Mountings for Maxim Guns, and a number of accessories.*[12]

Op 5 April 1897 het dieselfde firma 'n bestelling van twee Maxim Nordenfeldt-snelvuurkanonne, ammunisiewaens e.d.m. vir die Zuid-Afrikaansche Republiek ontvang en hierdie bestelling weer aan die Minister van Kolonies voorgelê.[13]

Op die lêer waarin hierdie korrespondensie gebêre is, is aangeteken dat die firma die gevraagde kanonne in voorraad het, maar die aflewering minstens drie maande sal vertraag.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

'n Ander aantekening wat, in dieselfde verband, in dieselfde lêer voorkom, lui soos volg :

> *Mr. Chamberlain must leave it to the judgment of the S. of S. for War to decide whether matters can safely be allowed to remain on their present footing in S. Africa, where H.M.'s forces have (as he understands) only one battery while the Transvaal Government are accumulating to unlimited extent. F.G.*[13]

Op 7 Julie 1897 het die Britse agent (W. Conyngham Greene) aan die Britse Hoë Kommissaris (sir A. Milner) oor bestaande onrus in Johannesburg berig en geskryf :

> *At the same time Johannesburg is a revolving light, and one which it is very dangerous to steer by. There is a class of desperado on the Rand who wants the moon, and who will never be happy till he gets it. One must always reckon on anything being possible in Johannesburg.*[14]

iii. *Die fort te Johannesburg. Spioenasie (1898)*

In Februarie 1898 het die Britse agent 'n aantal berigte oor die forte-bou te Pretoria en Johannesburg aan die Hoë Kommissaris gestuur. Op 2 Februarie 1898 het hy onder meer geskryf :

> *Turning to the question of the forts which have been constructed at Pretoria and Johannesburg we have the admission by the President himself when speaking during his recent tour, that these had cost from 1½ to 2 million sterling. We therefore find that the Govt, not satisfied with this colossal expenditure, with the importation of military material, which has been doubling value year by year, is now proposing to embark upon still larger schemes.*[15]

Op 7 Februarie 1898 het Conyngham Green in 'n geheime skrywe aan sir Alfred Milner verklaar :

> *Turning to the question of the Forts which have been constructed at Pretoria and Johannesburg, we have the admission of the President himself, when speaking during his recent tour, that these had cost from one and a half to two millions sterling.*[16]

In dieselfde maand is die volgende skriftelike weergawe van 'n gesprek tussen 'n sekere J. E. Nailly en komdt. D. E. Schutte deur die Britse agent op 'n lêer geplaas :

> *Nailly : If war breaks out, extra police will be sent to Johannesburg, and the town will be surrounded. Food will be allowed in. The women, children, and non-combatants may, according to circumstances, get 24 hours notice to clear out. If the people fire on the forces the forts will open shell fire on the town. "This", says Schutte, "will be done the moment the first trigger is loosed off." The men of the commandos will then enter the town and act. They allege they will not open fire in Johannesburg unless fired upon first.*
>
> *In addition to fighting they will stop food supplies and cut off water connection at the source. (Mem.—There are numbers in Johannesburg who would start the hell for the sake of subsequent loot).*[17]

Op 24 Februarie 1898 het die Britse agent onder meer aan Sir Alfred Milner meegedeel dat tydens die afgelope dae die forte te Pretoria en die Johannesburgse fort van meer bewapening voorsien is en verder hieraan toegevoeg :

> *. . . . . the real danger to Johannesburg, in the event of trouble, will lie in the shortfall, or stoppage, of supplies and water, in other words starvation.*

> *I do not gather that, if the inhabitants remained impassive, any attack would be made upon them, but should disturbances arise, the town could no doubt be shelled from the new prison fort on the hill overlooking it.*
>
> *I have good reason to believe that the Govt. Agents are enrolling mercenaries in Johannesburg and elsewhere, of whom they hope to collect some 8 or 10,000.*[18]

'n Paar dae vroeër, op 19 Februarie 1898, is die volgende geheime berig deur die Britse agent aan die Hoë Kommissaris versend:

> *I have received from a most reliable source following information. Early yesterday morning 24 cases of rifles and 150 ammunition were off loaded at Johannesburg and were sent to Fort. Today three field guns and a maxim left Pretoria for Krugersdorp.*[19]

Na aanleiding van voorgaande berigte het sir Alfred Milner dan ook in die loop van 'n toespraak, wat hy op 3 Maart 1899 te Graaff-Reinet gehou het, verklaar:

> *Over $1\frac{1}{2}$ millions had been spent upon forts at Johannesburg, in which four heavy Krupp guns were placed in February.*[20]

Kort hierna, dit was in April 1898, het 'n sekere Gert Andries Kotze te Johannesburg voor twee speurders verskyn en verklaar dat hy op 7 April 1898 'n persoon ontmoet het wat aan hom verklaar het dat die Johannesburgse fort ingeneem moet word. Kotze wou die naam van die beriggewer nie noem nie. Hoofspeurder Robert Ferguson het, na aanleiding van hierdie verklaring, op die lêer aangeteken dat hy reken dat alles op 'n versinsel neerkom en dat dit Kotze se plan was om geld van die regering te ontvang.[21]

iv. *Min besonderhede,spioenasie en 'n oorval? (1899)*

In verband met die beriggewing in bogenoemde verband is nie veel gevind met betrekking tot 1899 nie. Klaarblyklik het die Britse inligtingsbronne begin opdroog want op 18 Augustus 1898 het 'n sekere Edmund Fraser, van die kantoor van die Britse agent, Pretoria, na aanleiding van die kommandant-generaal se verslag oor 1897, teenoor sir Alfred Milner gekla oor die geringe hoeveelheid vermelde gegewens en sy skrywe soos volg geëindig:

> *As your Excellency will observe the Report gives few statistical data of interest, and contains more hopes for the future than actualities.*[22]

Interessant is, ten slotte, 'n mededeling van 'n geheime agent in Johannesburg wat op 6 April 1899 aan die Republiek se speurafdeling soos volg gerapporteer het: Op Vrydag 31 Maart 1899 het 'n sekere maj. Patterson, vroeër van die „Hussars", na hom toe gekom en hom gevra of hy, in geval van moeilikhede tussen Engeland en die Zuid-Afrikaansche Republiek, op sy dienste kan reken.[23]

Die majoor het verklaar dat hy en nog drie ander persone gemagtig is om betroubare persone te werf en dat hulle reeds oor 800 Kaapse Kleurlinge en 2 000 blankes se dienste beskik. Die doel was om 'n aantal van hulle oor die grens te stuur om die Britse troepe aan te vul, terwyl die ander aangewend sou word om die Johannesburgse fort te beset en in besit te hou tot die Britse troepe te Johannesburg sou aankom. Hierdie organisasie sou verder oor voldoende gewere beskik het om 5 000 man te bewapen en was onder leiding van 'n offisier in Natal. Dié organisasie het, aldus die geheime agent, geweet dat die fort se kanonne met uitsondering van die groot kanon op die noordoostelike bastion, binnekort verplaas sou word. Tewens het hulle oor planne van die fort beskik en was hulle van plan om die magasyne van die veldkornetskappe te oorval en te beroof. Behalwe maj. Patterson was, aldus die verklaring, 'n sekere Clemm Webb by hierdie aangeleenthede betrokke. Aan hierdie

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

verslag is, nadat die inhoud bestudeer is, die vraag toegevoeg: Is dit waar dat kanonne uit die fort verwyder word?[23] En met hierdie vraag eindig 'n beknopte oorsig oor 'n groot aantal vrae wat gestel kan word na aanleiding van die mees uiteenlopende soorte van verslae wat in verband met die Johannesburgse fort opgestel is in die jare wat die Tweede Anglo-Boereoorlog voorafgegaan het.

## *AANTEKENINGE*

1. FK 1077, waarin Desp. 164, 4.5.1896.
2. Mikrofilm A 625 (Answärtiges Amt. Abtheilung A. Akten Südafrika. (Afrika Generalia). Berig van 7.6.1896.
3. C. 7933, pp. 78-79.
4. L. S. Amery, *The Times' History of the War in South Africa*, deel I, p. 147.
5. FK 14, by CO 4730, 3.3.1896.
6. FK 1077, waarin Desp. 166, 9.6.1896. Maj. N. het na 'n reis deur die O.V.S., op 10.5.1896 in Ladysmith aangekom.
7. FK 27, waarin Desp. 20666, 14.9.1896.
8. FK 1084, waarin Desp. 207, Januarie 1897.
9. Auswärtiges Amt. Abtheilung A. Akten Südafrika (Afrika Generalia). Mikrofilm A 626, brief nr. 33.
10. British Agent, HC 15, telegram, 2.3.1897.
11. FK 1084, waarin Desp. 262, 16.3.1897.
12. FK 1087, waarin Desp. 257, 30.3.1897.
13. *Ibid.*
14. FK 1081, waarin Desp. 357, 7.7.1897.
15. British Agent, deel 18, waarin 56 HC, 2.2.1898.
16. FK 1088, waarin Desp. 447, 7.2.1898.
17. British Agent, deel 18, aangeheg by 96 HC., Febr. 1898.
18. *Ibid.*, 96 HC, 24.2.1898.
19. FK 1088, aant. by Desp. 447 (p. 68).
20. C. Headlam (Ed.), *The Milner Papers,* (London), 1911), deel 1, p. 242.
21. GCPM 108/98, waarin GR 674/98, M.b.t. fortplanne wat in verkeerde hande val, sien LA 645, waarin GR 669, 9.5.1898 (J. J. Raaff, Johannesburg).
22. FK 156, waarin Desp. 20512, 18.8.1898.
23. SPR 885, waarin GCDM nr. 49/99, 6.4.1899.

## *SUMMARY*

The foregoing study can be considered as a sequel to the earlier C.D.S. publication, *The Fortification of Pretoria, Fort Klapperkop, Yesterday and Today,* (Pretoria, 1968).

Both the Pretoria forts and the Johannesburg fort can be seen as tangible indications of the reactions in the military sphere on the part of the South African Republic as a direct result of the Jameson Raid.

In both instances the erection of the defensive works were intended to prevent a recurrence of another such military raid and at the same time represented an attempt at preventing unrest and rebellion aimed both directly and indirectly at the Republican Government in Pretoria.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

The writer accordingly sees fit, particularly in the light of documents in the hands of the Transvaal Archives, to sketch in some detail certain aspects of the Jameson Raid as a prelude to the Johannesburg uprising and the related counter measures taken in Johannesburg and Pretoria.

In this regard students are advised to consult the authorative work *The Jameson Raid*, by Jean van der Poel, (Cape Town, 1951).

In the article above the writer goes on to describe certain aspects of the Johannesburg unrest such as the establishment of anti-Government orientated Corps consisting of foreigners.

Attention is directed also to the progress of the insurrection movement in Johannesburg and to its final collapse. Primary stress is laid on military and semi-military activities at the time.

Capt. A. Schiel, who at the time was the Head of the Department of Prisons, played a major role in the building of the fort in Johannesburg.

Details relating to the erection of the Johannesburg Fort, its armament, security and final completion are given.

The article then touches on interesting aspects relating to the reporting by foreign representatives, spies, etc., of such erection, armament, and so on.


From a military historical point of view the Johannesburg Fort played no further part during the second Anglo-Boer War 1899-1902.

Finally attention is drawn to the supplementary notes regarding the various sources consulted and which are appended under the various chapters for students and others interested in further personal research.*

---

* The editorial committee and the editor gladly take this opportunity to express their thanks to the Department of Prisons for permission to photograph the Fort and to publish the following photographs in "Militaria."

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




Plan van die fort soos geteken deur luitenant-kolonel A. Schiel.

Foto : *Transvaalse Argiefbewaarplek / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

Plan of the fort as drawn by Lieutenant-Colonel A. Schiel.

Photograph : *Transvaal Archives Depot / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*





The commencement of the construction activities.

Photograph : *Transvaal Archives Depot / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*

Begin van die boubedrywighede.

Foto : *Transvaalse Argiefbewaarplek / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




Gesig op die Johannesburgse fort, Hospitaalheuwel, Johannesburg, (omstreeks 1898).

Foto : *Transvaalse Argiefbewaarplek / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

A view of the Johannesburg fort, Hospital Hill, Johannesburg. (Circa 1898).

Photograph : *Transvaal Archives Depot / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*




The same area, photographed from the top of the rampart (1973).

Photograph : *Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*

Dieselfde omgewing, gefotografeer vanaf die fort se wal (1973).

Foto : *Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




'n Kunstenaar se denkbeeldige voorstelling van een van die fort se bastions en die naaste omgewing voor of kort na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog.

Foto : *Transvaalse Argiefbewaarplek / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

An artist's imaginary conception of one of the bastions of the fort and the immediate area, prior to or shortly after the outbreak of the Anglo-Boer War.

Photograph : *Transvaal Archives Depot / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*





Boer arms and ammunition, Johannesburg Fort, Johannesburg (stereoscopic view).

Photograph : *Transvaal Archives Depot / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*

Boerewapens en geskut, Johannesburgse fort, Johannesburg (stereoskopiese opname).

Foto : *Transvaalse Argiefbewaarplek / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*





Plan van die Johannesburgse Fort, 1905.

Foto : *Departement van Gevangenisse / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

Plan of the Johannesburg Fort, 1905.

Photograph : *Department of Prisons / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*





Plaque commemorating the construction of the Johannesburg Fort (1973).

Photograph : *Department of Prisons / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*

Gedenksteen in verband met die bou van die Johannesburgse fort (1973).

Foto : *Departement van Gevangenisse / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




Aan die binnekant van die ingangspoort van die Johannesburgse fort pryk die wapen van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Foto : *Departement van Gevangenisse / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

The coat-of-arms of the South African Republic, above the interior of the entrance to the Johannesburg Fort.

Photograph : *Department of Prisons / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*




A section of the buildings (see photograph 1) on the inner courtyard seen from the rampart. It gives an indication of the largeness of the area within the ramparts.

Photograph : *Department of Prisons / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*

Van die walle van die eertydse fort kan 'n deel van die geboue op die binneplein (sien foto 1) gesien word. Dit gee 'n indruk van die uitgestrektheid van die oppervlakte binne die walle.

Foto : *Departement van Gevangenisse / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




Verblyfplekke van die voormalige garnisoen naby die noordelike bastion.

Foto : *Departement van Gevangenisse / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

Living-quarters of the one-time garrison, close to the northern bastion.

Photograph : *Department of Prisons / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*




A trapdoor leading to the underground area.

Photograph : *Department of Prisons / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*

'n Valdeur wat die onderste kelders van die fort afsluit.

Foto : *Departement van Gevangenisse / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*




Die agterste uitgang van die voormalige fort.

Foto : *Departement van Gevangenisse / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

The rear exit from the one-time fort.

Photograph : *Department of Prisons / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*




The office of the Commanding Officer (right-hand window).

Photograph : *Department of Prisons / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*

Die voormalige kommandantskantoor (venster regs op die foto).

Foto : *Departement van Gevangenisse / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*




'n Geskutskuif (oop) in een van die bastionmure.

Foto : *Departement van Gevangenisse / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

A gun rampart slide (open) in one of the bastion walls.

Photograph : *Department of Prisons / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*




A gun rampart slide (closed) in one of the bastion walls.

Photograph : *Department of Prisons / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*

'n Geskutskuif (gesluit) in een van die bastionmure.

Foto : *Departement van Gevangenisse / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 3 Nr 5, 1973. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



In die loop van die jare is die staaldeure verwyder wat oorspronklik voor die vensteropeninge aanwesig was (sien foto ). Let op die versierings bokant die opening.

Foto : *Departement van Gevangenisse / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

During the passage of time the steel shutters which originally shielded the windows were removed (see photograph 6). Note the ornamentation above the windows.

Photograph : *Department of Prisons / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*

One of the subterranean passages nearby a bastion.

Photograph : *Department of Prisons / Photographic Section, C. DOC. S., S.A. Defence Force.*

Een van die onderaardse gange naby 'n bastion.

Foto : *Departement van Gevangenisse / Fotografiese Afdeling, S. DOK. D., S.A. Weermag.*

